MATIE-land



Pectora roborant cultus recti

JAARGANG 5 NOMMER 1 MAART 1961

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Versprei u Beleggings

en

Beveilig u Kapitaal

Belê u spaarfondse deur

FEDERALE VOLKSBELEGGINGS BEPERK

★

Vir Besonderhede
Skryf aan:

Posbus 3079,
KAAPSTAD.

Posbus 2911,
JOHANNESBURG.

Posbus 333,
BLOEMFONTEIN.

BESTE BRANDEWYN IN DIE BRITSE RYK

OUD-24a

EEN PAAR

sal meer
as 3 paar goedkoop
sokkies oorleef!

Wolnit
Super SOKKIES

is gewaarborg om nie te krimp nie – altyd nommerpas te bly!

Hoëhakversterking met spesiale nylondraad tot 'n ¾-dm. bokant die skoen. Dieselfde versterking ook in die toon! Wolnit Super word dus op die belangrikste skaafplekke beskerm – gee baie minder werk vir die stopnaald!
Ook verkrygbaar in wol-en-reknylon en Terylene-reknylon!

✻ *Die sokkies wat hul geld dubbeld en dwars werd is*

WOLNIT **Super**

91% Wol 9% Nylon R1.35 | 50% Wol 50% Reknylon R1.15

Bank

en spaar
by u eie bank

U voel tuis
by

VOLKSKAS

BEPERK

(*Geregistreerde handelsbank*)

Hoofkantoor: Pretoria

VZ1246A

43 jaar se uitstaande beleggings- en versekerings-dienste

Santam se beleggings- en versekeringsdienste het oor 'n tydperk van 43 jaar ol meer vertroue by die publiek ingeboesem sodat Santam en sekuriteit vandag sinoniem geword het.

Waarom beleggings by Santam nog steeds vinniger styg:— Aantreklike rentekoerse, tans 3½ — 5½%, rente halfjaarliks betaalbaar.

Sekuriteit bewys deur: 43 jaar se ononderbroke en bevredigende dienste sonder 'n pennie verlies aan rente of kapitaal deur 'n enkele kliënt, hoë reserwedekking en algehele afwesigheid van spekulatiewe bates of tipe besigheidstransaksies. Santam is ook 'n geregistreerde depositonemende instelling.

santam

TRUST: RENTE SONDER RISIKO

Ook op die gebied van versekering kan u volle beskerming en gemoedrus geniet deur ten volle by SANTAM te verseker teen: Storm, brand, ongevalle en siekte, inbraak, openbare aanspreeklikheid, eise insake motor- en derdepartyversekering, of watter skade of verlies ook al.

Santam

VERSEKERING SAL VERGOED

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUDSTUDENTE EN DONATEURS

DEUR DIE

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN

BUN BOOYENS

MET MEDEWERKING VAN

DIE AFDELING OPENBARE BETREKKINGE

JAARGANG 5 · MAART 1961 · NO. 1

INHOUD

REDAKSIONEEL

Die Student en sy Verenigings 7
Die Stellenbosse Rugbyklub 8

UNIVERSITEITSNUUS

Nuwe Aanstellings 8
Aanvangsdinee van die Eeufeesfondsveldtog 10
Die Fakulteit van Krygskunde 13
Bevolkingskaart van Afrika 15
Oor Beurse 15
Prof. dr. F. M. P. Oosterhof 15
Grade Toegeken 17
Instelling van Kursus in Arbeidsterapie 18
Die Uitdaging van die Toekoms 22

ARTIKELS

Die Konservatorium vir Musiek en 'n Eie Musieklewe 24
Huise van Hout 28
Die Eerste Week in Matieland 30
'n Nuwe Benadering tot Besigheidvooruitskatting 33

SÓ ONTHOU EK MATIELAND 35
SÓ BOU HUL MATIELAND 36
OUD-MATIEBONDTAKKE 38
VAN HEINDE EN VERRE 40
ONS ONTHOU HULLE 41
BRIEWEBUS 42
DIE „MATIELAND"-FONDS 43

BUITEBLADFOTO:

Onder die prag-eikeboom by geskiedkundige Harmonie.

Die Student en sy Verenigings

DIE omvang en intensiteit van sy verenigingslewe is dikwels 'n goeie aanduiding van die geestelike en kulturele lewenskragtigheid en aktiwiteit van 'n gemeenskap. Dit was by meer as een geleentheid in ons volkslewe 'n bewys van die wesentlike drang tot die verbreding van die kennis- en gesigsveld. So byvoorbeeld moet die behoudende en opvoedende rol van die ou Christelike Jongeliede-vereniging binne die kring van ons vroeë, verafgeleë boeregemeenskappe nog deur die kultuurhistorikus na waarde geskat word. Die ouere geslag sal hom nog helder die aande van die „vereniging" in die plaasskoolgeboutjie of in een of ander voorhuis voor die gees kan roep, waar angsvallig-voorbereide *resitasies, joernale, debatspunte* en *musiekstukke* en Langenhoven se *samensprake* elke keer 'n besielende belewenis vir klein en groot ingehou het.

Eers in die *College Debating Society* en later in die *Unie-* en *Universiteitsdebatsverenigings* het elke Matie 'n geopende deur gevind tot aktiewe deelname aan die kulturele bedrywighede van die studentekorps. Inderdaad was hierdie verenigings die brandpunte van die beoefening van intellektuele vaardighede buite die voorlesingsaal, die eksamenlokaal en weg van die skryftafel. In 'n tydvak toe die beperkte studierigtings meer gekoördineerd en onderling verwant was, en toe die studentetal gering was, het hierdie verenigingslewe ook 'n onmiskenbare sosiale karakter aangeneem.

Die geleidelike kwyning van die aantrekkingskrag van die debatsvereniging mag nooit vertolk word—soos oud-Maties soms geneig is om te doen—as 'n insinking van die kultuurbewustheid en intellektuele veerkrag van die huidige geslag nie. Inteendeel, die toename van die studentetal en die studierigtings het differensiasie en spesialisasie in die verenigingslewe noodsaaklik gemaak. Die finale, logiese patroon van 'n dinamiese verenigingslewe aan die Universiteit weerspieël 'n ryke verskeidenheid rondom die akademiese en sosiale lewe van die huidige student. Benewens sy debatsvereniging is daar tans 'n indrukwekkende reeks verenigings waarin die student 'n akademiese *en* sosiale *en* vakkundige *en* kulturele *en* geestelike tuiste kan vind.

Die groepsaktiwiteite aan die Universiteit is trouens só gedifferensieerd en aantreklik dat die Studenteraad dit nodig ag om Eerstejaarstudente tydens die eerste week van hul verblyf in Matieland te ontmoedig om by verenigings aan te sluit, ten einde hul eers die geleentheid tot kritiese verkenning op hierdie terrein te gee. Daarna sluit die nuweling dan by dié organisasies aan waarbinne hy hom tegelyk kan uitleef en verryk.

'n Spesiale komitee van die Studenteraad—die Verenigingskomitee—is belas met die taak om 'n ogie oor hierdie sy van die studentebedrywighede te hou, en op sy aanbeveling word nuwe verenigings en klubs deur die Studenteraad en die Universiteitsowerheid erken. Daar word veral tussen die volgende vier groepe verenigings onderskei: (a) *Fakulteitsverenigings* (die Vereniging vir Ekonomie en Handel, vir Sosiologie en Maatskaplike Werk, die Bantoestudiekring, die Geskiedenisvereniging, die Jurisdiese Vereniging, die Vereniging van Ingenieurstudente, die Wetenskaplike Vereniging, die Afrikaanse Studiekring, die Sielkundige Vereniging, en die Klassieke Vereniging); (b) *Kultuurverenigings* (Organisasies vir Koorsang, die Volkspelelaer, die Debatsvereniging, die Fotografiese Klub, die Besprekingsgroep vir Rasse-aangeleenthede, en die Sake-van-die-Dag-vereniging); (c) *Ontspanningsverenigings* (die Berg- en Toerklub, die Skaakklub, die Oranjebond, die Suidwesbond, en die Oud-Weermaggimnasiumklub) en (d) *Verenigings van geestelike en godsdienstige Aard* (die Christen-Studentevereniging, die Christen-Studentesendingbond en die Admissiebond).

Die feit dat al hierdie verenigings 'n lewenskragtige bestaan voer en tewens die antwoord was op bepaalde behoeftes, dui daarop dat die student van vandag nog kerngesond ten opsigte van sy belangstellingsveld is. Sy deelname aan die verenigingslewe bevredig sy behoefte om aan 'n groep te behoort, verseker hom van

gesonde sosiale verkeer, skool hom in sy optrede in die openbaar, skerp hom die voortreflikheid van goeie organisasie in, en ontsluit kanale tot verdieping van sy insig sowel in sy eie as in vakrigtings waarteenoor hy andersins onverskillig sou gestaan het. Die onderskeie verenigings word die verhoog vanwaar genooide besoekers of lede onderling noemenswaardige bydraes kan lewer.

Die tradisie van 'n positiewe verenigingslewe wat so oud is soos die Universiteit self, tree in Matieland van vandag met sy talryke, partikuliere fasiliteite na vore op 'n onmiskenbare wyse wat oud-lede van die Unie- en die Universiteitsdebatsvereniging sekerlik met ryke genoegdoening aan „hulle dae" sal laat terukdink!

Die Stellenbosse Rugbyklub

Matieland voldoen graag aan die versoek van bogenoemde klub om die volgende belangrike sake onder die aandag van oud-Maties te bring.

(i) *Toekenning van Erewapens*

Erewapens word aan die volgende persone toegeken: Alle oud-Maties wat provinsiale kleure verwerf het of spesiale dienste aan die spel lewer as nasionale en/of provinsiale keurders, administrateurs, skeidsregters, ensomeer. Aansoeke vir hierdie wapens moet aan die Sekretaris gerig word en moet volledige gegewens bevat. Wapens is by sportwinkels op Stellenbosch verkrygbaar teen ongeveer R3.00.

(ii) *Rugby-foto's*

Die Stellenbosse Rugbyklub probeer om 'n volledige stel van alle spanfoto's te versamel. Die Eerstespanfoto's van die jare 1910 en 1911 van die Victoria-Kollege waarop die spelers in wit kleurbaadjies verskyn, ontbreek nog. Oud-Maties wat hierdie foto's aan die Rugbyklub wil skenk, sal die Rugbyklub 'n besondere eer en diens bewys.

Universiteitsnuus

Direkteur van Musiek

Mnr. R. H. Behrens.

MNR. R. H. BEHRENS (B.A., B.Mus.), senior lektor in musiek (orrel), is met ingang 1 Januarie aangestel as Direkteur van Musiek aan die Konservatorium vir Musiek. Mnr. Behrens is in die Rustenburgse distrik gebore en het op sy geboortedorp skoolgegaan en ook daar onderrig in klavier, orrel en viool ontvang.

Tussen die jare 1944-1948 het mnr. Behrens aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer, in 1946 die B.A.-graad (cum laude) en in 1948 die B.Mus.-graad behaal. Sedert 1948 is mnr. Behrens verbonde aan die personeel van die Konservatorium. In 1957 neem hy waar as Hoof van die Konservatorium en in 1958 is hy bevorder tot senior lektor.

In 1960 het mnr. Behrens 'n uitgebreide studiereis deur Europa en Engeland onderneem. Aan die *Staatliche Hochschule für*

Musik in Frankfurt, Duitsland, het mnr. Behrens gestudeer onder die wêreldberoemde orrelis, prof. Helmut Walcha en onder die bekende komponis, prof. Kurt Hessenberg. In Berlyn, Stuttgart, Detmold, Herford, Schlüchtern, Leipzig en Londen het mnr. Behrens verskeie inrigtings vir musiekopleiding besoek, terwyl hy vier groot musiekfeeste in Europa bygewoon en verskillende beroemde orrelboufirmas besoek het.

* * *

DR. A. A. THERON, senior lektor in die Landbouchemie aan die Universiteit van Stellenbosch, is met ingang 1 Januarie 1961 bevorder tot professor in die Landbouchemie.

Adriaan Andries Theron is op 25 Junie 1929 op Carnarvon gebore en het sy skoolopleiding op Steynsburg, Uitenhage en Stellenbosch geniet. In 1947 het hy sy studies aan die Universiteit van Stellenbosch voortgesit, waar hy die grade B.Sc. en M.Sc. (Chemie) verwerf het. In September 1957 het hy die graad Ph.D. (Landbouchemie) aan die Cornell-Universiteit behaal.

Dr. Theron was van 1952 tot 1953 as skeikundige werksaam by die African Explosives and Chemical Industries. In Desember 1957 het hy assistent-vakkundige beampte in die Afdeling Landbouchemie van die Departement van Landbou op Stellenbosch geword, en op 1 September 1959 is hy aangestel as senior lektor in die Landbouchemie aan die Universiteit van Stellenbosch.



Prof. dr. A. A. Theron.

MNR. J. VAN DER MEULEN is aangestel as senior lektor in die Bedryfsekonomie. Die vakature in die Departement Bedryfsekonomie het ontstaan met die uitdienstrede van prof. C. G. W. Schumann.

Mnr. Van der Meulen het in 1948 die Kandidaatseksamen in die Ekonomiese Wetenskappe en in 1951 die Doktorale eksamen in die Ekonomiese Wetenskappe aan die *Nederlandse Economische Hogeschool* te Rotterdam afgelê. Hy was in 1950 in diens van die *Nederland-Noord-Europa Instituut,* 'n organisasie wat verantwoordelik is vir die handelsbetrekkinge tussen Nederland en die Noord-Europese lande. Van November 1951 tot Februarie 1953 was hy as bedryfsekonoom werksaam by die *Nederlands Zuivelbureau* en daarna het hy



By geleentheid van die aftrede verlede jaar van prof. dr. C. G. W. Schumann is hom 'n boek oor ekonomiese aangeleenthede aangebied wat spesiaal deur 'n groep van sy oud-studente saamgestel is. Op die foto oorhandig dr. T. E. Dönges, Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, die boek namens die oud-studente aan prof. Schumann.

vir byna vier jaar as sekretaris (Finansies en Administrasie) van die K.L.M. opgetree. Terwyl hy in diens van die K.L.M. was, was hy ook van 1954 tot 1956 redaksie-sekretaris van die *Maandblad voor Bedrijfsadministratie en Organisatie*. In 1957 het hy na Salisbury gegaan as bestuurder van die dogtermaatskappy van die *Eerste Nederlandse Coöperatiewe Kunstmest Fabriek*.

Verskeie publikasies en verslae in verband met bedryfsekonomiese en finansiële ondersoeke het reeds van sy pen verskyn.

Mnr. Van der Meulen gaan eers vir verdere studie na Rotterdam en Keulen voordat hy sy betrekking op 1 Julie aan die Universiteit van Stellenbosch aanvaar. Hy word ook waarnemende hoof van die Departement Bedryfsekonomie.

PROF. DR. C. G. W. SCHUMANN wat so pas sy professoraat in die Bedryfsekonomie neergelê het, is deur die Universiteitsraad aangestel as Direkteur van die *Buro vir Ekonomiese Ondersoek* van die Universiteit. Prof. Schumann is egter gedurende die eerste semester van 1961 nog in tydelike hoedanigheid in die Fakulteit van Handel behulpsaam.

DR. C. VERBURGH, hoofnavorser in die Buro vir Ekonomiese Ondersoek, is met ingang 1 Januarie 1961 aangestel as senior lektor in die nuwe studierigting *Vervoerwese*.

MNR. G. J. HUPKES is aangestel as hoofnavorser in die Buro vir Ekonomiese Ondersoek.

MNR. F. J. STIGLINGH (B.A., B.Ed.) is met ingang 1 Januarie 1961 aangestel as Openbare Inligtingsbeampte van die Universiteit van Stellenbosch. Mnr. Stiglingh, wat 'n oud-Matie is, was voorheen promotor van die Elmer Wheeler-kursusse (Internasionaal) vir Kaapland en Oranje-Vrystaat.

MNR. BOUDEWYN SCHOLTEN is met ingang 1 Januarie 1961 aangestel as lektor in Orrel aan die Konservatorium vir Musiek van die Universiteit.

Mnr. Scholten is in 1927 in Nederland gebore. Hy het baie vroeg reeds deeglike musiekopleiding ontvang en hom sedert sy veertiende lewensjaar veral op die orrel toegelê. Later het hy aan die Amsterdamse Konservatorium onder dr. A. van der Horst (orrel) en prof. Cor Kee (improvisasie) gestudeer. In 1952 het hy na Suid-Afrika gekom, waar hy sedertdien as privaatmusiekonderwyser en orrelis werksaam was. Gedurende 1957-1958 het hy sy studies oorsee voortgesit en onder andere die Diploma van die Internasionale Somer-Akademie te Haarlem verwerf. Sy verdere kwalifikasies sluit in die U.O.L.M., U.V.L.M. en F.T.C.L. in orrel en A.R.C.M. in klavier. Mnr. Scholten het ook bekendheid as solis verwerf deur uitsendings van die Nederlandse Radio en die S.A.U.K.

Die volgende *Senior Lektore* is aan die Universiteit aangestel: *Dr. D. van Z. Engelbrecht* in Soölogie, en *mnre. L. Perold* en *P. J. Conradie* in Landbou-Ingenieurswese.

Die volgende *Lektore* en *Lektrise* is aan die Universiteit aangestel: *mnr. G. Geldenhuys* as lektor in Toegepaste Wiskunde; *mnr. M. H. C. Visser* in Soölogie; *mnr. J. W. van Rooyen* in Sielkunde, *mnr. J. J. Loubser* in Sosiologie; en *mej. M. Malherbe* as lektrise in Huishoudkunde.

MEV. E. J. STRYDOM, hoof van die Afdeling Arbeidsterapie in die Karl Bremer-Hospitaal, is met ingang 1 Februarie 1961 aangestel as lektrise in Arbeidsterapie aan die Universiteit. Sy word ook hoof van die Universiteit se Departement Arbeidsterapie.

Aanvangsdinee van die Eeufeesfondsveldtog

DIE aangekondigde Eeufeesfondsinsameling deur die Universiteit van Stellenbosch is op die aand van 21 November verlede jaar geesdriftig by wyse van 'n groot *Aanvangsdinee* van stapel gestuur. Die dinee, waarby die sjarmante prof. dr. Erika Theron as gasvrou opgetree het, het in die Stellenbosse Stadsaal plaasgevind waar 518 gaste—hoofsaaklik lede van die Universiteitspersoneel en eregaste—aangesit het.

Uit die paar flink toesprake na die ete het die duidelike oogmerke en besielende gedagte met die veldtog sterk tot die aanwesiges gespreek. *Matieland* doen slegs 'n grepie uit elk van die boodskappe van die vier sprekers:

DR. M. S. LOUW,

Voorsitter van die Uitvoerende Komitee van die Eeufeesfonds:—

Jare gelede is ek deur die direksie van 'n Afrikaanse maatskappy versoek om 'n prioriteitslys op te stel in verband met beoogde donasies. Dit mag u interesseer om te weet dat ons Afrikaanse universiteite eerste op daardie prioriteitslys geplaas is. As ek vandag weer

so 'n lys moes opstel, dan sou my aanbeveling dieselfde wees. Ek staan dan hier voor u as iemand wat diep oortuig is van die onberekenbare waarde vir die samelewing van ons universitêre instellings. In 'n onlangse gesprek met iemand oor die naoorlogse ekonomiese opkoms van die Afrikanervolk is die vraag aan my gestel: „Waar, sou jy meen, het ons die beste presteer—in die handel, die fabrieksnywerheid, die mynwese, die landbou, of die finansiewese?" My antwoord was: „Ons grootste prestasie was die tegniese opleiding van jong Afrikaners en die kweek van leiers op ekonomiese terrein". En daarvoor moet ons ons Afrikaanse universiteite, en in besonder die Universiteit van Stellenbosch, dank. . . .

DR. H. J. VAN ECK,

Voorsitter van die Nywerheidontwikkelingskorporasie, wat spesiaal afgereis het om die funksie by te woon en ook as hoofspreker opgetree het:—

Hierdie veldtog sal vir duisende van ons oud-studente 'n buitengewone geleentheid bied om in inspirerende samewerking ons ere-skuld aan ons ou Universiteit met rente te delg en deur hierdie skuldbetaling aan ons verlede sal ons die nageslag weer tot ons skuldenaars kan maak. Laat ons verlede dus 'n springplank wees en nie 'n rusbank nie. Erkentlikheid en dankbaarheid is van die mooiste en edelste menslike deugde en niks kan groter bevrediging gee nie as tasbare dankbaarheid aan die inrigting wat ons koers gegee het op ons lewenspad . . .

Hierdie saak raak die siel van ons volk wat nie alleen uiting soek in ryper kuns, kultuur en wetenskap tot opheffing van al ons bevolkingsgroepe nie, maar wat ook sy bydrae wil lewer aan die Kontinent van Afrika en aan die grote, wye wêreld . . .

Ons was in Suid-Afrika nog nooit in die posisie om baie groot individuele bemakings vir ons Universiteite te kry nie en ons Universiteite moet dus steun op oud-studente, maatskappye en individuele vriende. Op die eerste opslag lyk dit asof ons hierin 'n nadeel het maar in die werklikheid is dit ons grootste seën want ons kry nou die geleentheid om al die oud-studente en vriende van ons Universiteit saam te snoer in een groot gemeenskaplike prestasie wat 'n offer vereis en 'n offer was nog steeds 'n geestelike behoefte en bevrediging vir die mens. Ons verwag dus dat elkeen sal gee ooreenkomstig sy vermoë maar ook tot verder verruiming van sy hart en gemoed.

Na afloop van die Aanvangsdinee: V.l.n.r.: Prof. A. C. Cilliers, Prof. H B. Thom, Prof. Erika Theron, Dr M. S. Louw, Dr. H. J. van Eck en Ds. J. S. Gericke.



man... *sekerheid altyd deur* **SANLAM**

V & R CO 4869/1a

DS. J. S. GERICKE,
Vise-Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch:—

. . . Die rol wat duisende oud-studente deur die jare heen in die ontwikkelingsgeskiedenis van ons land gespeel het as gewone dosente, onderwysers, predikante, tegnici, regsgeleerdes en staatsamptenare sou die boustowwe kon uitmaak vir 'n aangrypende stuk geskiedenis.

Dit is te betwyfel of één enkele inrigting al ooit so 'n reuseaandeel in enige land se staatkundige, ekonomiese, kulturele en kerklike lewe gehad het. En dan vergeet ek nie wat Harvard en Yale vir die V.S.A. en Oxford en Cambridge vir Engeland beteken het nie. Dit was in die dag van kleine dinge, toe ons nog op die drumpel van ons toekoms gestaan het, toe Stellenbosch gegee het wat enige jong land die meeste nodig het, nl. dié soort mensemateriaal wat 'n volk kan help om sy siel te vind, sy koers te kies en sy lewenspatroon uit te werk . . .

PROF. DR. H. B. THOM,
Rektor van die Universiteit van Stellenbosch:—

Die feit waarmee ons vandag moet rekening hou, is dat die Universiteit van Stellenbosch —veral gedurende die afgelope jare—'n geweldige uitbreiding beleef het, en bowendien dat hy voor 'n toekoms vol pragtige moontlikhede staan. Die Universiteit kan wel nie voorbly om almal te neem wat hierheen wil kom nie, en hy verkies ook nie om dit te doen nie. Want hy wil soveel doenlik diegene hê wat met welslae sal studeer en later positiewe bates vir ons land sal wees. Maar die Universiteit, getrou aan sy tradisie van diens, sal in die toekoms 'n gesonde groei moet handhaaf en die manne en vroue moet lewer waaraan ons land 'n behoefte het . . .

* * *

Bostaande oproep het 'n treffende antwoord uitgelok. Met die ter perse gaan op 1 Maart is *Matieland* meegedeel dat die doserende en administratiewe personeel van die Universiteit beloftes ten bedrae van *R62,267* ten bate van die Eeufeesfonds gedoen het. Lede van die Universiteitsraad en van die Uitvoerende Komitee van die Eeufeesfonds het beloftekaartjies vir *R40,620* onderteken.

Hierdie pragtige groottotaal van *R102,887* verteenwoordig nog maar die aanvangstadium van die veldtog. Met die oog op die streekveldtogte wat eersdaags planmatig oor ons hele land aangepak sal word en wat volgens berekening teen Julie 1962 afgehandel sal wees, is dit voorwaar 'n verblydende en besielende wegspring.

Die Fakulteit van Krygskunde

DIE Universiteit van Stellenbosch is so pas deur die Regering meegedeel dat hy sy goedkeuring geheg het aan die totstandkoming van 'n volwaardige Fakulteit van Krygskunde aan die Universiteit met ingang 1961. Hierdie nuwe ontwikkeling bring die totale aantal Fakulteite aan die Universiteit op elf te staan. Die Afdeling Krygskunde is reeds in 1954 as Departement van die Fakulteit van Natuurwetenskappe goedgekeur, en in 1955 is die eerste studente ingeskrywe.

Studente in die Krygskunde (leër, lugmag of vloot) sal voortaan vir die volle duur van die kursus aan die Militêre Akademie op Saldanha resideer en studeer. Die Militêre Akademie sal in werklikheid die Universiteit se Fakulteit van Krygskunde word. Aan suksesvolle kandidate word die B.-Mil.-graad by die gradeplegtigheid op Stellenbosch toegeken. In die Militêre Akademie word die



Kol. P. J. G. de Vos, Bevelvoerder van die Militêre Akademie op Saldanha, wens Veldkornet J. R. F. Irvine geluk nadat die graad B.Mil. (cum laude) by die 1960-Gradedagplegtigheid in die Stellenbosse Stadsaal aan hom toegeken is.

FRICK SIG-SAG DE LUXE

DOEN

GEWONE WERK • KNOOPSGATE • KNOPE • OMKAP
BORDUURWERK • NAME SKRYF • ENS.
ONGELOOFLIK MAKLIK EN NETJIES

Handaangedrewe R53 • Motoraangedrewe R66

Ekstras vir bogenoemde: 18 Outomatiese Patrone R25. Stewige Kabinet of Trap R29.

POSBESTELLINGS KRY ONMIDDELLIKE AANDAG

Frick

-NAAIMASJIENE

VOORTREKKERWEG 35, PAROW, KAAP. FOON 98-6489

ONS BIED 'N GROOT VERSKEIDENHEID NUWE
SOWEL AS GEBRUIKTE NAAIMASJIENE TE KOOP AAN
ONS NEEM ENIGE OU MASJIEN IN RUIL

ONS HERSTEL EN HOU 'N VOLLEDIGE STEL ONDERDELE
VIR TALLE SOORTE NAAIMASJIENE AAN

Demonstrasies daagliks *Private parkeerplek volop*

gewone universiteitsvakke soos Aardrykskunde, Geskiedenis, Ekonomie, Fisika en Wiskunde behandel en aangepas ooreenkomstig die behoeftes van die beroepsoffisier van die Weermag. Die studente is geregtig op alle fasiliteite wat die Universiteit vir studente beskikbaar stel.

Die Bevelvoerder van die Militêre Akademie, kol. P. J. G. de Vos, word die Dekaan van die Fakulteit van Krygskunde, beklee die status van 'n Professor, en sal 'n volwaardige lid van die Senaat wees. Dosente van die verskillende vakke aan die Militêre Akademie sal volwaardige lede van die Fakulteitsraad van Krygskunde wees. Kragtens 'n ooreenkoms tussen die Universiteit en die Departement van Verdediging, sal die aanstelling van dosente aan die Militêre Akademie onderhewig wees aan die goedkeuring van die Universiteitsraad. Die Departement van Verdediging sal ook verantwoordelik wees vir die voorsiening in die finansiële behoeftes van die Militêre Akademie, terwyl die Universiteit volle beheer sal uitoefen oor die akademiese werk in sy Fakulteit van Krygskunde.

Bevolkingskaart van Afrika

DIE Departement Aardrykskunde van die Universiteit van Stellenbosch het van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing 'n ruim toekenning ontvang vir die publikasie, as muurkaart, van 'n bevolkingskaart van Afrika. Die kaart is opgestel deur nagraadse studente van die Departement Aardrykskunde, onder leiding van prof. dr. A. Nel, hoof van die genoemde Departement, bygestaan deur mnr. P. G. Jooste, lektor aan die U.O.V.S., en mnr. J. A. van Zyl, lektor aan die Universiteitskollege van Wes-Kaapland.

Die skaal van publikasie sal wees 1:5,000,000 en dit sal in kleur aangebied word. Die patroon van bevolkingsverspreiding word uitgebeeld deur stippels, met die meer belangrike stedelike sentrums as sirkels waarvan die oppervlakte in korrekte verhouding sal wees met die grootte van die stedelike bevolkings.

Na verwagting sal die kaart teen die einde van 1961 gereed wees vir verspreiding.

Oor Beurse

EERSTE F.A.K.-BEURSTOEKENNINGS

DIE eerste twee F.A.K.-beurse, wat verlede jaar deur die Universiteit van Stellenbosch ingestel is ter erkenning van die belangrike kultuurwerk wat die F.A.K. doen, is toegeken aan mej. Leonore Kloppers en mnr. Pieter Kooij. Mej. Kloppers het verlede jaar die B.Mus-graad met hoofvak klavier (met lof) aan die Universiteit van Stellenbosch behaal en sal vanjaar die M.Mus.-kursus volg. Mnr. Kooij wat in 1958 die B.Mus.-graad behaal het, studeer tans vir die M.Mus.-graad met klavier en musiekgeskiedenis as hoofvakke. Mej. Kloppers studeer onder mnre. Lionel Bowman (klavier) en Chris Swanepoel (orrel), terwyl mnr. Kooij mnr. Bowman as hoofdosent het.

DANIE SWANEPOEL-BEURS(E)

Mnr. en mev. D. J. Swanepoel van Northcliff, Johannesburg, stel vanaf ingang 1961 jaarliks 'n bedrag van R200 aan die Universiteit van Stellenbosch beskikbaar ter gedagtenis aan hul seun Danie wat op tragiese wyse in 1958 verongeluk het terwyl hy student aan die Universiteit was. Die toekenning van die beurs(e) geskied by voorkeur aan studente in die Handel, Landbou of Bosbou. Verdienstelike studente wat, ofskoon hulle nie noodwendig 'n buitengewoon hoë akademiese prestasie gelewer het nie, 'n goeie, sterk karakter het, leierskapskenmerke aan die dag lê en bowendien geldelike bystand werklik nodig het, sal vir die toekenning van die Danie Swanepoel-beurs(e) in aanmerking kom.

SUIDWES-BEURS

Die Suidwes-Administrasie stel R600 gedurende 1961-'62 beskikbaar vir geskiedenisnavorsing in Suidwes-Afrika. Twee beurse, één van R200 vir 'n M.A.-student en één van R400 vir 'n D.Phil.-student, word onder bepaalde voorwaardes toegeken. Laasgenoemde beurs is deur die Universiteitsraad toegeken aan mnr. D. A. Kotzé wat tans navorsing doen oor die Duits-Inboorling-verhouding in dié geweste tussen die jare 1880-1914.

J. E. CONRADIE-BEURS

Die Universiteitsraad het met besondere genoeë daarvan kennis geneem dat die Kaaplandse V.L.V. besluit het om 'n J. E. Conradiebeursfonds in te stel waaruit jaarliks 'n toekenning aan 'n student in Arbeidsterapie gedoen sal word. Vir 1961 word reeds 'n beurs van R200 beskikbaar gestel.

†Prof. dr. Oosterhof

PROF. DR. F. M. P. OOSTERHOF, hoogleraar in Frans aan die Universiteit van

Stellenbosch, is op 3 Januarie in Frankryk oorlede.

Prof. Oosterhof is op 18 Januarie 1913 in Nederland gebore. Nadat hy aan die Rijksuniversiteit van Groningen en die Sorbonne in Parys gestudeer het, het hy met 'n beurs van die Franse regering na Suid-Afrika gekom en vanaf 1937-'39 aan die Universiteit van Pretoria gestudeer waar hy die M.A.-graad behaal het. Daarna was hy twee jaar lank dosent in Frans aan genoemde Universiteit.

In 1941 het hy dosent in Frans aan die Christelike Normaalkollege en Hoër Burgerskool in Batavia geword. Tussen die jare 1942-'45 was prof. Oosterhof krygsgevangene van die Japanners. In 1948 het hy sy studies aan die Sorbonne voortgesit en 1950 sy doktorsgraad cum laude behaal. In 1952 is hy aangestel as hoof van die Departement Frans aan die Universiteit van Pretoria en sedert 1955 was prof. Oosterhof hoogleraar aan die Universiteit van Stellenbosch.

Matieland betuig sy meegevoel met mev. Oosterhof en haar twee dogtertjies.

Wyle prof. dr. F. M. P. Oosterhof.

DIE BANK VIR DIE SAKEMAN

DIE

STANDARD BANK

VAN SUID-AFRIKA BEPERK

(Geregistreerde Handelsbank)

SUID-AFRIKA SE MEES ERVARE BANKDIENS

Grant 214/

GRADE TOEGEKEN IN 1960

BY Gradedagplegtighede gedurende 1960 is die volgende getal grade aan die Universiteit van Stellenbosch verleen:

Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte:

B.A. 225; B.A. in Maatskaplike Werk 12; Hons.-B.A. 72; M.A. 9; B.Mus. 8; M. Mus. 2; D.Phil. 1.

Fakulteit van Natuurwetenskappe:

B.Sc. 97; B.Mil. 8; B.Sc. in Huish. 3; Hons.-B.Sc. 17; M.Sc. 19; D.Sc. 2.

Fakulteit van Opvoedkunde:

B.Ed. 16; B.Ed.Ph. 1; M.Ed. 3; D.Ed. 1; D.Ed.Ph. 1.

Fakulteit van Landbou:

B.Sc. in Landb. 51; M.Sc. in Landb. 7; D.Sc. in Landb. 1.

Fakulteit van Regte:

LL.B. 17.

Fakulteit van Godgeleerdheid:

B.D. 6.

Fakulteit van Handel:

B.Comm. 51; Hons.-B.Comm. 6; M.Comm. 2.

Fakulteit van Ingenieurswese:

B.Sc., B.Ing. 47.

Fakulteit van Geneeskunde:

M.Med. 2.

Fakulteit van Bosbou:

B.Sc. in Bosb. 7; M.Sc. in Bosb. 1; D.Sc. in Bosb. 1.

Daar is altesaam 696 grade gedurende 1960 toegeken.

Na afloop van die Gradedagplegtigheid van 9 Desember 1960 by watter geleentheid doktorsgrade honoris causa aan dr T. E. W. Schumann en mnr. J. J. P. Op 't Hof deur die Universiteit van Stellenbosch toegeken is: V.l.n.r.: Prof. dr. H. B. Thom, dr. T. E. W. Schumann, dr. T. E Dönges (Kanselier), dr. J. J. P. Op 't Hof en ds. J. S. Gericke (Vise-Kanselier).

INSTELLING VAN KURSUS IN ARBEIDSTERAPIE

DIE kursus in Arbeidsterapie, onder leiding van mev. E. J. Strydom, het aan die begin van hierdie akademiese jaar 'n aanvang geneem. Dit is 'n driejarige diplomakursus, waarvan die eerste twee jaar op Stellenbosch en die derde by die Karl Bremer-Hospitaal gevolg sal word. Die instelling van die kursus is tot 'n groot mate moontlik gemaak deur 'n skenking van die Nasionale Raad vir die Versorging van Kreupeles in Suid-Afrika. Die skenking bedra R2,000 per jaar vir vyf jaar.

Daar is allerweë besondere belangstelling in hierdie nuwe studierigting. Vir algemene inligting verstrek ons hieronder die inhoud van die kursus:

Eerste Jaar:

(a) Voorlesings in Geskiedenis en Teorie van Arbeidsterapie, Hospitaaletiket, Noodhulp, Sielkunde I, Fisika, Elementêre Verpleging en Terapeutiese Aktiwiteite (inleiding tot kuns en ontwerp).

(b) Praktiese opleiding in hospitaalwerk.

Groepfoto by geleentheid van die oorhandiging van 'n tjek ten bedrae van R2,000 aan die Universiteit van Stellenbosch op 6 Maart vanjaar ten bate van die kursus in Arbeidsterapie. Voor, v.l.n.r.: *Prof. dr. Bromilow-Downing (Dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde aan die Universiteit van Kaapstad), mnr. L. Bisset (Voorsitter van die Kaapse Vereniging vir Kreupelesorg), prof. dr. H. B. Thom (Rektor van die Universiteit van Stellenbosch), dr. (mev.) J. E. Conradie, prof. dr. H. E. Brink en mev. J. Reynolds.* Agter: *Mnr. J. L. Badenhorst, dr. J. A. Hendrikz (Assistent-direkteur van Hospitaaldienste), prof. dr. F. D. du T. van Zijl (Dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde van die Universiteit van Stellenbosch), prof. dr. J. F. van E. Kirsten, mev. E. J. Strydom (Hoof van die Afdeling Arbeidsterapie), mev. H. B. Thom, dr. R. L. Retief (Direkteur van Hospitaaldienste) en dr. R. L. M. Kotzé (Superintendent van die Karl Bremer-Hospitaal).*

Tweede Jaar:

Voorlesings en praktika in Fisiologie, Anatomie en Neuro-anatomie, Kinesiologie, Terapeutiese Aktiwiteite (basiese kunsvlyt en handwerk) en Praktiese werk in Fisiese Geneeskunde aan erkende inrigtings vir Arbeidsterapie.

Derde Jaar:

(a) Spesiale voorlesings oor en bywoning van klinieke i.v.m. Oor- Neus- en Keelsiektes, Velaandoenings, Oogsiektes, Tuberkulose, Plastiese Chirurgie, Ortopedie, Neuro-chirurgie, Karsinoma, Serebraal-kreupelheid, Psigosomatiese geneeskunde, Ortopediese werkswinkel, Fisioterapie, Maatskaplike dienste.

(b) Opleiding in Arbeidsterapie soos toegepas by Liggaamlike en Geestesafwykings.

(c) Onderrig in Interne Geneeskunde, Chirurgie en Psigiatrie (insluitende Abnormale Sielkunde).

(d) Praktiese werk in Fisiese Geneeskunde aan erkende inrigtings vir Arbeidsterapie.

Mnr. L. Bisset (Voorsitter van die Kaapse Vereniging vir Kreupelsorg) oorhandig die tjek aan die Rektor, prof dr. H. B. Thom.

Mev. E. J. Strydom (Hoof van die Afdeling Arbeidsterapie) in gesprek met prof. dr. F. D. du T. van Zijl by die noenmaal aangebied deur die Rektor en mev. H. B. Thom

85

Vir kwaliteit en waarde

Westminster 85

M·A·T·I·E spells .....

Ja, ons weet wat dit spelle! Grosvenor daarenteen, staan vir die Kaap se vooraanstaande Ford-handelaars en garagediens.

Kom besigtig die nuutste Ford-modelle in ons toonkamers—die elegante Galaxie en Fairlane, twee groot motors van formaat; die Falcon en Taunus, middelslagmotors met ongeewenaarde weelde, en die pragtige, klein maar kragtige Anglia.

As u weer eendag in Kaapstad is, bel gerus 2-5521 vir 'n afspraak om u eie motor deeglik te laat nasien—ons voortreflike garagediens as gemagtigde Ford-handelaars is wyd en syd bekend.

Grosvenor Motors

STRANDSTRAAT 73, KAAPSTAD. BEL 2-5521

GM8617

Die nuwe voorkoms van die Administrasiegebou.

DIE JONGSTE UITBREIDINGS:

Uitbreiding van die Fisika-gebou.





Die nuwe voorkoms van die Administrasiegebou.

DIE JONGSTE UITBREIDINGS:

Uitbreiding van die Fisika-gebou.





Die Uitdaging van die Toekoms

Boodskap van Rektor

By geleentheid van die Amptelike Opening van die Universiteit op 22 Februarie vanjaar is 'n kragtige rede deur die Rektor, prof. dr. H. B. Thom, oor bostaande tema uitgespreek.

Die uitdaging bestaan daarin dat in Suid-Afrika driemiljoen blankes materiële en geestelike verantwoordelikheid teenoor twaalf miljoen nie-blankes moet aanvaar. Met betrekking tot ons Republiekwording het die Rektor gemaan dat ons groter staatkundige mondigheid dit noodsaaklik maak dat elkeen die volle implikasies daarvan onder die oë moet sien. „Ons Universiteit sal—nog veel meer as in die verlede—geroepe wees om die manne en die vroue te lewer wat op die verskillende terreine van die lewe die verantwoordelikheid sal dra", aldus prof. Thom.

Suid-Afrikaanse Universiteite het vandag die stadium bereik waar hul nie maar steeds meer finansiële steun van die Staat moet vra sonder om hul aanspraak op outonomie en onafhanklikheid op die spel te plaas nie. Vandaar dat die Universiteit van Stellenbosch sy fondsinsamelingsveldtog met die grootste erns aanpak.

Prof. Thom het die wese, omvang en funksionering van die Eerstejaarstelsel wat tans reeds sewe jaar in swang is, verduidelik en gekonstateer dat die vrugte wat die stelsel afgewerp het, bevestig dat dit 'n versiende en wyse beleid was. Die Rektor het ten slotte alle studente opgeroep om die uitdaging van die toekoms ruiterlik te aanvaar deur hul studies met groot erns aan te durf.

(Die volledige toespraak van die Rektor word tans as 'n afsonderlike brosjure gepubliseer met die oog op verspreiding onder oud-Maties en vriende van die Universiteit van Stellenbosch.)



Die Jan Marais-plein—binnekring van die Universiteitsterrein.

Boodskap van die Voorsitter van die Studenteraad

Mnr. Gideon Boshoff, Voorsitter van die Studenteraad het in 'n kort, besielende boodskap die hartlike samewerking en verhouding tussen die Universiteitsowerheid en die Studente-Unie geloof. Is dit 'n voorreg vir die jongmens met al sy ideale en potensialiteite om aan die Universiteit van Stellenbosch te studeer, dan rus daar terselfdertyd 'n verantwoordelikheid op hom om die naam „student" waardig te wees, aldus mnr. Boshoff.

Die registrasiekaart wat vir 'n paar rand gekoop word, is nie 'n vrypas, 'n permit, tot alles wat ontoelaatbaar is nie, maar dit is inderdaad 'n konsensie-saak, 'n arrestasiebrief waardeur al die talente, werkvermoë, liefde en lojaliteite tot diens van die medestudent en dié van God gestel word. Die toekoms vra 'n waarborg en die verantwoordelikheid rus op ons jongmense om daardie waarborg te gee. Aan die publiek daarbuite moet ons toon dat die mooi innerlike karakter en beginselvastheid die uitkenningsteken van Matieskap is, het mnr. Boshoff verklaar.

„Daar is die sedelike, morele en Christelike plig om na binne en na buite só te lewe, te ontspan en te verskil dat ons nie sal afbreek nie, maar opbou en voortreflike eksemplare sal wees van indiwidue en Universiteitsmense."

Benewens die jolyt en pret van die studentelewe moet daar veral ook 'n brandende erns van roeping en plig, van rekenskap en verantwoordelikheid en van toewyding aan God aanwesig wees. „Hierdie benadering moet die studentelewe deurtrek, ons gedagtes rig en ons dade stuur indien ons wil uitgroei tot 'n nog groter en waardiger studentegemeenskap," het spreker afgesluit.

Twee bekende Suid-Afrikaanse komponiste, wie se werk meer en meer aandag—ook in die buiteland—trek: Mnre. Hubert du Plessis (links) en Arnold van Wyk. Beide is dosente aan die Konservatorium vir Musiek.

die spontane en onbewuste van die amateur oorneem, die gewone musiekliefhebber sal na voorbeeld en onder leiding van die vakmusikus sy tegniek verbeter, sy insig verdiep, sy kritiese vermoë vergroot.

Die musiekonderrig in Suid-Afrika is nie van vandag of gister nie. Verskillende Kompanjiedienaars het hulle tegniese vaardigheid op fluit, viool of beuel aan ander liefhebbers oorgedra. In 1826 begin Frederick Logier die eerste musiekskool in Breestraat in Kaapstad. 'n Paar jaar later hoor ons van die orrelis Pieter Hugo op Stellenbosch wat weer die eerste lesse aan die latere „Jan Orrelis" va Paarl sou gee. Immigrante uit Engeland en di vasteland het in die loop van die 19de ee meer kleur en klank aan die musieklewe ge gee. Maar dit het nog tot in ons eeu geduu voordat daar 'n werklike vakopleiding vi Suid-Afrikaanse musici in eie land tot stan kon kom.

'n Volledige-uitgeboude en funksionerend musieklewe is net moontlik, as daar 'n gerigt opleiding bestaan van eie komponiste, eie ui voerder, eie kritici en 'n eie ontvanklik publiek. Dit is die groot verdienste van di

Mnr. Jan Bouws, lektor in Volksmusiek aan die Konservatorium en skrywer van meegaande artikel.



Prof. G. Z. v. d. Spuy, senior lektor in sang aan die Konservatorium.



Mej. Betsy Cluver, lektrise i klavier aan die Konservatoriun

Die Persoon Wat Kan Saampraat

LEES

Suid-Afrika se Mooiste Tydskrif

DIE Huisgenoot

ORAL VERKRYGBAAR

10c.

U BESPAAR R1.70 PER JAAR AS U INTEKEN BY POSBUS 1802, KAAPSTAD.

Intekengeld (per jaar): Unie en S.W.A., R3.50; Rhodesië, R3.70; Buiteland, R5.00.

Onthou u vir dr. Con en dr. A.C.?

Hier is twee boeke waarin u hulle weer in lewende lywe ontmoet.

MUSICI EN MENSE

Hierin gesels dr. Con de Villiers op sy eie, kenmerkende wyse oor mense wat hy in die musiekwêreld leer ken het. R1.15

DIE SILWER SOOM

Dr. A. C. Cilliers sê hy dank die hemel dat sy gees jonk gebly het. In hierdie werk vertel hy op sprankelende wyse van die ligter sy van sy lewe, van die romantiese, die dramatiese en die pikante moontlikhede wat daar vir hom in elke lewensituasie skuil. R1.85

NASIONALE BOEKHANDEL BPK.

Kaapstad — Bloemfontein — Johannesburg — Port Elizabeth

Mnr. Chris Swanepoel, lektor in orrel aan die Konservatorium vir Musiek en orrelis van die Studentekerk.

Stellenbosse musici soos proff. Jannasch, Endler en andere, dat hulle in 1905 deur die stigting van die Konservatorium vir Musiek die voortou geneem het. By die opening van die skilderyuitstalling van Mimi Toerien het prof. Trümpelmann verlede jaar gesê dat Stellenbosch gerus 'n bietjie lokaal-patriotisme mag koester en dit geld seker ook ten opsigte van die musiek.

'n Instelling wat soos ons Konservatorium oor 'n tydvak van meer as 'n halwe eeu kan terugkyk, vorm in loop van jare 'n tradisie. 'n Gevoel van tradisie kan 'n gevaar wees, 'n angsvallige vashou aan wat voorgangers tot stand gebring het. 'n Gesonde begrip van tradisie is egter om, naas die erkenning van die goeie werk uit die verlede, dit aan te pas aan die eise wat die musieklewe van die hede vir ons stel.

So het die meeste dosente, waaronder die Direkteur, mnr. R. H. Behrens, vir korter of langer tyd kursusse in die buiteland gevolg om op hoogte van insigte en eise elders te wees. Verder is in die laaste jare daarna gestreef om by personeelwisseling belangrike leidende musici aan te trek—'n paar jaar gelede mnr. Hubert du Plessis, vanjaar mnr. Arnold van Wyk, albei vooraanstaande komponiste wat ook oorsee in stygende mate erkenning en waardering vind. Konsertmusici van naam soos madame Anny Lambrechts (sang), prof. G. Z. van der Spuy (sang en klavier), mnr. Lionel Bowman (klavier), mnr. Pierre de Groote (viool) en ander bekende musiekdosente, bring hulle studente nie alleen die noodsaaklike tegniese vaardighede by nie, maar leer hulle ook om dieper in hulle studiewerke deur te dring. Dit sal hulle in staat stel om die note tot werklike kunswerke om te skep en in die toekoms hulle gehoor te ontroer.

Vanuit hierdie hoek moet ook die nuwe instelling van die weeklikse orrelkonserte in die Studentekerk onder leiding van mnr. C. Swanepoel gesien word.

So kan die Konservatorium vir Musiek van Stellenbosch volgens die riglyne van sy stigters en voortsetters, soos die besielende prof. Fismer, sy bydrae lewer tot die werklike musieklewe van Suid-Afrika.

Mnr. Arnold van Wyk aan die vleuelklavier in die Konservatoriumsaal.

Huise van Hout

deur

Prof. dr. G. L. F. Hartwig

DAAR is op die huidige tydstip in Suid-Afrika 'n besondere oplewing in die belangstelling in hout as bou- en versieringstof. Bewyse hiervoor is nie ver te soek nie: enigeen wat in 'n nuwe dorpsaanleg rondry, merk hoe gebruik gemaak word van hout in sy natuurlike kleur as versiering teen gewel-ente van moderne huise, van netjiese houtsparre vir priële en tuinskeidings, gewoonlik wit of lig geskilder, houtbelegwerk vir die vooraansig van motorhawens en sakegeboue. Binnenshuis ook word die plafon dikwels van hout gemaak en die mure met houtpanele versier. Selfs duursame woonhuise, geheel-en-al van hout vervaardig, het in die afgelope maande in en om Stellenbosch verrys en lok voortdurend bespreking uit.

Houthuise van die opslaantipe word al jare in Suid-Afrika veral aan ons strande gebruik. By Sabie waar onlangs een van die grootste saagmeulens in die Suidelike Halfrond opgerig is, is baie van die personeelwonings houthuise; die Departement van Bosbou bou reeds lange jare houthuise vir hul werknemers; naby Stellenbosch is 'n hele hotel van hout gebou.

Tog het die oprig van houthuise nooit werklik ingang by die publiek in Suid-Afrika gevind nie. In baie oorsese lande, byvoorbeeld Kanada, die V.S.A. en die Skandinawiese lande, is tot 90 persent van die woonhuise van hout gebou, selfs 95 persent van die plaashuise in die V.S.A. Waarom dan nie ook in Suid-Afrika nie? Die argument wat ons gewoonlik hoor, is dat dit hier onprakties sou wees vanweë sulke uiterstes in temperatuur. Maar is dit waar? In baie dele van Amerika kom temperature van 110°F in die somer algemeen voor, terwyl dit in die winter tot minus 35°F daal. Uiterstes van hierdie omvang tref ons net nie in Suid-Afrika aan nie. In Skandinawië word sulke hoë temperature wel nooit ondervind nie, maar in die winter word dit baie kouer as hier en die huise lê dikwels feitlik begrawe onder die sneeu.

Die feit is dat hout 'n ideale insuleringsmiddel is. 'n Stuk hout van 'n duim dik, byvoorbeeld, staan gelyk aan 15 duim beton. Geen wonder dat behoorlik geboude houthuise met sponmure wat gevul is met saagsel of, nog beter, met glaswol, in daardie lande voorkeur geniet nie.

Ons kan aanneem dat een van die redes waarom ons voorouers hul huise van baksteen en nie van hout gebou het nie, die feit is dat in die lande waarvandaan die eerste koloniste gekom het (Nederland, Frankryk en Duitsland) veel minder houthuise gebou is, eenvoudig omdat hierdie lande, met die uitsondering van dele van Duitsland en Frankryk, altyd arm aan bosse was.

Die tradisie van baksteenhuise waaraan ons voorouers gewoond was, is voortgesit, Ook maar goed, anders het ons geen Groot Constantia, geen Vergelegen of geen Burgerhuis meer gehad nie. Weer is ons aan die dwaal: houthuise, deeglik behandel en met behoorlike verf bedek, hou honderde jare. Talle houthuise met 'n pragtige boustyl wat 300 jaar en langer gelede gebou is, kan vandag oral in Skandinawië en die V.S.A. gesien word.

Ons bouregulasies verbied die oprigting van houthuise in stede en dorpe. Een van die

vernaamste besware is dat hout ontvlambaar is en dat 'n houthuis dus te maklik sal afbrand. Versekeringsmaatskappye in Amerika beweer egter dat 95 persent van die brande wat in huise voorkom, binne-in die huis ontstaan het, en dat die struktuur van die huis daarmee weinig of niks te doen het nie.

Beswaar word ook gemaak dat hout verrot en deur kewers aangeval word. Behoorlik behandelde hout hou egter 'n onbeperkte tyd.

Gewoonlik beskou 'n mens nie hout as so sterk as staal, baksteen of beton nie, maar in werklikheid is hout die sterkste stof vir sy gewig. Oor en oor is bewys dat hout sterk orkane kan weerstaan. Gevalle kan genoem word waar, in orkane, baksteenhuise een na die ander ingetuimel het terwyl die houthuise, wat meegee en buigsaam is, bly staan het.

Hout wat goed gedroog is en met verf van goeie gehalte bedek is, hoef nie meer dikwels as elke vyf jaar 'n laag verf te kry nie. Dit vra dus minder aandag as pleisterwerk aan mure.

'n Moelikheid waarmee ons wel in Suid-Afrika te kampe het, is die groot uiterstes in humiditeit in ons klimaat. Dit beteken dat blootgestelde hout gedurig aan die uitset en krimp is, wat veroorsaak dat die veseltjies buite later losraak en die hout verweer of dat die hout trek en bars. Samehangend hiermee is die vraagstuk van die vernis waarmee die hout behandel word. Die vernis aan die hout kan nie so uitset en krimp nie, en maak oral klein barsies. Dikwels bind dit ook swak met die hout. Die ondervinding het ook getoon dat blootgestelde houtwerk soms die neiging het om grys-grou kolle te kry, waarskynlik die gevolg van swamme.

Die Afdeling Houttegnologie van die Fakulteit van Bosbou van die Universiteit van Stellenbosch is op die oomblik besig met uitgebreide proewe om hierdie moeilikhede die hoof te bied. Onder andere sal meer as duisend plankies wat met verskillende waterafwerende en ander stowwe behandel is, aan ons skerp sonlig en humiditeitsverskille blootgestel word.

Waar ons nou die gebruik van hout vir houthuise in Suid-Afrika wil begin uitbrei, is dit gebiedend noodsaaklik om, ten einde die publiek se vertroue te wen, eerstens nie ultramoderne ontwerpe, waarvoor die publiek nie te vinde is, toe te laat nie; tweedens moet ons materiaal gebruik wat geskik is om aan wind en weer blootgestel te word; derdens, moet die regte konstruksiemetodes toegepas word en vierdens, die regte verf of vernis moet gebruik en op die regte manier aangewend word.

Die vraag mag nou gestel word: waarom propageer ons die groter gebruik van hout in huise terwyl ons land tog so arm aan bosse is en die meeste van ons bouhout ingevoer word? In werklikheid, egter, het ons in die jongste verlede so vinnig ons bosse uitgebrei en word bebossing in die onmiddellike toekoms op so 'n groot skaal beplan, dat daar selfs diegene is wat glo dat ons teen die einde van die eeu 'n oorproduksie van hout sal hê. Daar word geskat dat om al hierdie hout te verwerk, 'n kapitale belegging van sowat R800 miljoen binne die volgende 40 jaar in die bedryf sal verg.

Terwyl ons bosse waarskynlik nooit die lengtes en diktes balke sal kan lewer wat ons vandag van oorsee invoer nie, word hierdie leemte oorbrug deur gebruikmaking van gelamineerde hout. Met die ontwikkeling van moderne kunsharse is dit nou moontlik om enige lengte, dikte of selfs vorm van balk uit dun en kort stukke hout op te bou — 'n ontwikkeling wat vir die moderne argitek 'n byna onbeperkte speelruimte gee. Verskeie fabrieke wat houtlaminate vervaardig, is onlangs in ons land opgerig en die vraag na hul produkte groei steeds aan.

Mits hout oordeelkundig gebruik word en die nodige voorsorgsmaatreëls getref word, voel ek daarvan oortuig dat houthuise nog baie gewild in Suid-Afrika gaan word. Hout het soveel voordele bo ander boustowwe en niks kan die gesellige atmosfeer wat dit skep, vervang nie.

Die Eerste

Week in Matieland

WANNEER, stofbepoeierd of modderbespikkeld, die motors teen die middel van Februarie die Eikestad eerbiediglik uit alle windstreke nader en groepe pas-gearriveerde, jeugdige binnelanders, verskans agter waaksaam apartgehoue bagasiestapels op die stasieperron, die passasiers-hongere huurmotorbestuurders se harte verbly, het 'n besonderse eerste week in Matieland begin. Die geleentheid is dan tegelyk vir die Eerstejaarstudent 'n lank vertroetelde droom wat in vervulling gaan en 'n ontsluiting van 'n gans nuwe lewensfase.

Die feit dat sowat duisend nuwelinge 'n volle week vóór die amptelike aanvang van die klasse aankom, is vir hul en vir die Universiteit van die allergrootste betekenis. Hierdie week word uitsluitlik gewy aan 'n intensiewe en beplande voorligtingsdiens in die persoonlike belang van elke Eerstejaar. Dit behels 'n verskeidenheid van hulpdienste wat die nuweling in staat stel om spoedig 'n gesonde aanpassing by die Universiteitslewe te maak. Hierdie dienste is tot beskikking van *alle* studente in alle Eerstejaarskoshuise sowel as die groot aantal wat onder die Privaatstudente-Organisasie ressorteer.

Sedert 1954 verskaf die Departement van Sielkunde voorligting aan Eerstejaarstudente wat probleme ondervind met betrekking tot hul studies, veral ten opsigte van studierigting, samestelling van kursusse en persoonlike aanpassing. Alles geskied met 'n opregte begeerte om dié wat raad soek, so spoedig moontlik op die regte spoor te plaas. Tot só 'n mate het die studente van hierdie diens gebruik gemaak dat die Buro vir Studentevoor-

Ontvangs by Dagbreek: 'n Nuweling word deur die Inwonende Hoof, Prof. dr. J. F. Kirsten (tweede van regs), en lede van die Huiskomitee verwelkom.

Die eerste week behoort aan hulle...

'n Groep Eerstejaars van Dagbreek op pad na die inskrywingslokaal.



Prof. J. F. A. Swartz gee eerstejaardames van die Privaatstudente-Organisasie leiding met betrekking tot die beste studiemetodes.

Eerstejaars van Seksie 2 in Dagbreek ontvang voorligting van hul onderprimarius en raadgewer, mnr. G. Geldenhuys (links).

'n Nuwe Benadering tot Besigheidsvooruitskatting

deur

Mnr. G. J. Hupkes, M.Comm.

BESIGHEIDSVOORUITSKATTING kan omskrywe word as die beraming van die kollektiewe gevolg van die individuele handelinge van alle ekonomiese subjekte, hetsy fabrikant, handelaar, verbruiker of staatsman wat ekonomiese beleid formuleer. Daar is dus twee stappe inbegrepe: eerstens 'n beraming van die omvang van alle toekomstige ekonomiesrelevante handelinge en tweedens 'n berekening van hulle onderlinge effek op mekaar.

In sodanige vooruitskattings sal die elemente van sekerheid en onsekerheid dus in alle grade teenwoordig wees. Die gegewe ekonomiese struktuur behoort 'n wetmatige reaksiepatroon aan die handeling van die individu te gee, terwyl die omvang van sulke handelinge moeilik berekenbaar is.

As gevolg van hierdie onsekerheid — wat 'n kenmerk van alle vrye kapitalistiese stelsels is — het vroeëre metodes van besigheidsvooruitskatting, waar voorspellings vir die toekoms hoofsaaklik gebaseer is op studies van wat in die verlede gebeur het, ontoereikend geblyk te wees. Die reëlmatigheid of wetmatigheid tussen impuls en handeling, en handeling en gevolg wat in ander vertakkinge van die wetenskap die basis vorm vir 'n voorspelling van 'n toekomstige ontwikkeling, was hier nie teenwoordig nie. Reeds gedurende die twintiger jare is die ontoereikenheid van 'n benadering wat besigheidsvooruitskattings bloot as nog 'n vertakking van die fenomenologie wou beskou, duidelik besef. 'n Aantal institute in die Verenigde State het daartoe oorgegaan om besigheidsmanne en verbruikers direk te vra wat hulle planne vir die toekoms is en dan voorspellings hierop te baseer.

Met hierdie nuwe benadering tot die probleem het die taak van besigheidsvooruitskatting 'n ander karakter aangeneem. Die ekonoom probeer nou nie meer die handelinge van die individu vooruitskat nie, maar vra die betrokke persone om dit self te doen, en op grond hiervan word die ekonomiese gevolge van sodanige handelinge beraam. In soverre as wat hierdie individue groter sekerheid oor die aard en omvang van hulle eie toekomstige handelinge het, sal die sekerheid en akkuraatheid waarmee beramings van die gevolge van hierdie handelinge gemaak word, ook toeneem. Danksy die studies van statistiese wiskunde op die gebied van monstertrekking, is dit ook nie nodig om alle ekonomiese subjekte in verband met hulle toekomstige planne te ondervra nie; 'n verteenwoordigende monster sal voldoende wees.

Gedurende 1949 het die *Ifo Institut für Wirtschaftsforschung* in München en die *Institute National de le Statistique et des Etudes Economique* in Parys oorgegaan tot 'n toepassing van hierdie metode. Studies van die verteenwoordigende firmas in elke vertakking van die nywerheid en handel is gemaak, vraelyste is ontwerp om by die spesifieke behoeftes van elke bedryfsektor aan te pas en met gereelde tussenposes word tans opnames van die planne en verwagtings van 'n verteenwoordigende groep van besigheidsmanne gemaak.

Die onmiddellike sukses wat hierdie institute met die nuwe metode gehad het, het meegebring dat verskillende instansies in ander lande ook die nuwe metode op die proef gestel het. In België het die Sentrale Bank die voortou geneem, in Nederland het die Regering self

'n Nuwe Benadering tot Besigheidsvooruitskatting

deur

Mnr. G. J. Hupkes, M.Comm.

BESIGHEIDSVOORUITSKATTING kan omskrywe word as die beraming van die kollektiewe gevolg van die individuele handelinge van alle ekonomiese subjekte, hetsy fabrikant, handelaar, verbruiker of staatsman wat ekonomiese beleid formuleer. Daar is dus twee stappe inbegrepe: eerstens 'n beraming van die omvang van alle toekomstige ekonomiesrelevante handelinge en tweedens 'n berekening van hulle onderlinge effek op mekaar.

In sodanige vooruitskattings sal die elemente van sekerheid en onsekerheid dus in alle grade teenwoordig wees. Die gegewe ekonomiese struktuur behoort 'n wetmatige reaksiepatroon aan die handeling van die individu te gee, terwyl die omvang van sulke handelinge moeilik berekenbaar is.

As gevolg van hierdie onsekerheid — wat 'n kenmerk van alle vrye kapitalistiese stelsels is — het vroeëre metodes van besigheidsvooruitskatting, waar voorspellings vir die toekoms hoofsaaklik gebaseer is op studies van wat in die verlede gebeur het, ontoereikend geblyk te wees. Die reëlmatigheid of wetmatigheid tussen impuls en handeling, en handeling en gevolg wat in ander vertakkinge van die wetenskap die basis vorm vir 'n voorspelling van 'n toekomstige ontwikkeling, was hier nie teenwoordig nie. Reeds gedurende die twintiger jare is die ontoereikenheid van 'n benadering wat besigheidsvooruitskattings bloot as nog 'n vertakking van die fenomenologie wou beskou, duidelik besef. 'n Aantal institute in die Verenigde State het daartoe oorgegaan om besigheidsmanne en verbruikers direk te vra wat hulle planne vir die toekoms is en dan voorspellings hierop te baseer.

Met hierdie nuwe benadering tot die probleem het die taak van besigheidsvooruitskatting 'n ander karakter aangeneem. Die ekonoom probeer nou nie meer die handelinge van die individu vooruitskat nie, maar vra die betrokke persone om dit self te doen, en op grond hiervan word die ekonomiese gevolge van sodanige handelinge beraam. In soverre as wat hierdie individue groter sekerheid oor die aard en omvang van hulle eie toekomstige handelinge het, sal die sekerheid en akkuraatheid waarmee beramings van die gevolge van hierdie handelinge gemaak word, ook toeneem. Danksy die studies van statistiese wiskunde op die gebied van monstertrekking, is dit ook nie nodig om alle ekonomiese subjekte in verband met hulle toekomstige planne te ondervra nie; 'n verteenwoordigende monster sal voldoende wees.

Gedurende 1949 het die *Ifo Institut für Wirtschaftsforschung* in München en die *Institute National de le Statistique et des Etudes Economique* in Parys oorgegaan tot 'n toepassing van hierdie metode. Studies van die verteenwoordigende firmas in elke vertakking van die nywerheid en handel is gemaak, vraelyste is ontwerp om by die spesifieke behoeftes van elke bedryfsektor aan te pas en met gereelde tussenposes word tans opnames van die planne en verwagtings van 'n verteenwoordigende groep van besigheidsmanne gemaak.

Die onmiddellike sukses wat hierdie institute met die nuwe metode gehad het, het meegebring dat verskillende instansies in ander lande ook die nuwe metode op die proef gestel het. In België het die Sentrale Bank die voortou geneem, in Nederland het die Regering self

die opname op hom geneem, terwyl in Engeland die inisiatief van die gefedereerde Kamer van Nywerheid uitgegaan het. Tans word hierdie metode in nege Wes-Europese lande, Japan, Australië en Suid-Afrika toegepas.

Internasionale samewerking op hierdie gebied is onlangs verstewig deur die stigting van die C.I.R.E.T.-organisasie met sy navorsingshoofkwartier in Rotterdam en sy argief in München. Ledelande kan individuele probleme aan 'n paneel deskundiges in Rotterdam voorlê — wat terselfdertyd 'n opleidingsentrum is vir nagraadse studente wat op hierdie gebied wil spesialiseer — terwyl in München alle publikasies, verslae en studies versamel word.

Die Buro vir Ekonomiese Ondersoek wat sedert 1954 hierdie metode van besigheidsvooruitskatting toepas, het in 1959 ook toegetree tot C.I.R.E.T. In Beide 1957 en 1959 toe internasionale konferensies oor hierdie metode in München plaasgevind het, het die Buro 'n verteenwoordiger daarheen gestuur.

Of hierdie nuwe benadering tot die probleem van besigheidsvooruitskatting beter resultate sal lewer as vroeëre metodes? In 'n aantal oorsese institute word 'n voltydse studie gewy aan die akkuraatheid van die resultate van die opnames. Nuwe statistiese metodes moes ontwikkel word om die betroubaarheid van die voorspellings te toets en hoewel die tydperk nog redelik kort is, lyk die resultate bemoedigend. 'n Uitvoerige studie wat onlangs deur die Buro vir Ekonomiese Ondersoek op hierdie gebied voltooi is, dui daarop dat ook wat Suid-Afrika betref, hierdie metode besliste moontlikhede vir die toekoms inhou.

Sakemanne wat in hierdie nuwe metode geïnteresseerd is, kan direk met die Hoofnavorsingsbeampte, *Buro vir Ekonomiese Ondersoek, Universiteit van Stellenbosch,* in verbinding tree.

DIE SESTIENDE STUDENTEKOSHUIS IN MATIELAND

Eendrag, *die nuwe koshuis vir manstudente, in aanbou.*





So Onthou ek Matieland . . .

PROF. DR. D. F. MALHERBE
(B.A., Ph.D. (Freib.), D.Litt. honoris causa 1959),
oud-hoogleraar aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en gevierde skrywer en digter mymer oor die „Victoria-kollege in die jare rondom 1900" . . .

WIE sy jeugland op 'n late dag weer besoek, die toneel van vroeë herinneringe, vind veel verander: waar bome was, miskien 'n vrugteboord; waar jy gespeel het, miskien huise; waar veld was en blomme uitskietend uit maagdelike aarde, miskien 'n kerkhof. Maar aldeur sal die oog weier om die teenswoordige te vat. Dié sien deur en agter die nuwe beeld van wat eenmaal was. Maar al dra die terrein hier weelderige, nuwe pronkers, die oorspronklike gebou wat 'n paar honderd studente ontvang het, staan nog, bakenhelder.



Prof. dr. D. F. Malherbe.

Heinrich Heine sê in sy *Harzreise* spottend van sy Alma Mater (Göttingen) dat studentegeslagte, soos orals, kom en gaan. Net één ding bly staan soos die Egiptiese piramides: die ou onveranderlike professore. Iets hiervan kon gewees het in die dae van die Macdonalds en Walkers en Mackenzies wat hul darem as ingevoerdes in hul menslikheid aangetas het in die vreemde situasie.

Die ou gebou eis eerbiedige waardering. Die plankstoep en die binneruimte—eertyds vergaderplek van die studente groepsgewys tussen die lesings in—stip en trou volgens vreemde tradisie met togadrag, 'n swart besonderlikheid van die gematrikuleerde, sy trots op straat, wat hom onderskei van die orige mensdom, want hy dra mos die kus van die gewaande geleerdheid op die voorkop.

Min selfstandige studie—notas en eksamens. Die Klassieke: louter vertaling en grammatika, woorde en sinne geleer sonder samehang met die agtergrond, sonder 'n beeld van die Griekse of Romeinse mens; die karakters van Terensius praat soos gewone mense maar bly vreemd en ver, want jy vertaal net en daarmee verdien jy blink punte in die eksamen. Voorbereiding vir die B.A. in die Geskiedenis van die Nederlandse Letterkunde kon 'n mens verrig en het jy verrig in een namiddag. Dit was 'n tyd toe 'n mens nog prettig kon skrywe oor 'n werk wat jy nie gelees het nie. En tog,

met al die gebrekkige in die onderrigmetode, is daar loflike resultate verkry: boerseuns se geeskrag gebrei vir later verantwoordelike werk in die staatsdiens en ander beroepe en vir leierskap in die samelewing.

Geen sprake van wetenskaplike studie by dosente nie, want oorlaai met veelvakkige doseerwerk soos ook nog lang jare die geval sou wees aan die binnelandse inrigtinge vir Hoër Onderwys. Dr. W. J. Viljoen, die eerste taalkundig geskoolde onder die Afrikaners, was 'n belangrike figuur maar tog nog belas met Nederlands, Duits en Geskiedenis, sodat hy moes kla teenoor ons, 'n paar van sy studente, by 'n herontmoeting in Halle a/d Saale. Ek hoor hom nog uitroep by 'n glasie bier: „Was habe ich nun für die Wissenschaft geleistet?" Ons antwoord was: „Ons is lewende getuies van u werk!"

In 'n tyd van klein studentetalle was daar egter 'n gees van solidariteit tussen studente onderling en tussen student en dosent. Met toenemende erkende koshuise het organisasiewerk vlotter geword onder die studente. Ek onthou darem nog 'n soort eetstaking in 'n private losieshuis waar ons twee maal per dag deur die jaar konfyt gekry het van kafferwaatlemoen gekook, goed genoeg vir 'n tyd, maar toe daar eendag 'n wa kom met 'n berg van dié goedkoop ding, was 'n mens se geduld op 'n end. Ek onthou nog dat ek voorperd was in hierdie affêre, ongeag die konsekwensies waarvoor 'n paar teologiese studente, half verlief op die huisvader se dogters, netjies teruggedeins het.

Al moet die Stellenbosch van destyds gesien word as die plek van opleiding vir die Afrikaanssprekendes, met doseertaal natuurlik nog Engels, hy was die vesting van Nederlands onder leiding van dr. W. J. Viljoen in bondgenootskap met die invloedryke professore van die Teologiese Kweekskool, sodat die studentegemeenskap vanself afkerig was van die onooglike taal van *Die Patriot* en aanvanklik ook onvatbaar vir meedoen aan die nuwe Beweging om Afrikaans tot erkende geskrewe taal te verhef. *Ons Spreekuur,* die hartklop van Nederlands as boektaal, inspireer 'n groep studente wat onderneem—misvatting van die taalwerklikheid word manie!—om die lyk van Nederlands as gesproke taal in Suid-Afrika meer lewe in te blaas en wel om met hals en mag Nederlands deurgaans te gebruik in die omgang en natuurlik by openbare geleenthede en verder om Nederlands uitsluitlik te praat en te laat praat in hul moontlik toekomstige gesinslewe ten bate van die beskawing in Suid-Afrika. Van hierdie soort mens het ek werklik ook 'n eksemplaar ontmoet.

Destyds was daar ook vrae, selfs eindvrae, waarby die wysbegeerte ons in die steek laat en net nog die tradisionele geloof houvas bied. Want toe het die modernistiese winde nog nie so 'n vaart gehad in hul gewaai deur die oopgespalkte deure en vensters van ons huise nie. In gesprek onlangs met 'n maat uit dié dae, met wie ek nog saam Shakespeare se Henry VIII help opvoer het, vertel hy hoe ek hom tot hulp was insake die geloof en meegegee het die woorde van De Genestet:

„Niet omdat alles
Zijn liefde ontdekt,
maar ondanks alles
dat twijfel wekt . . ."

Die wens en bede van elke regskape alumnus bly dat Stellenbosch mag beantwoord aan sy spreuk om die *cultus recti* te bou, juis nou waar ons volk geeskrag met durf en geloof so broodnodig het.

Só Bou ons Matieland . . .

Jubileumtoer van die Stellenbosse Universiteitskoor

DIE Stellenbosse Universiteitskoor is vanjaar 25 jaar oud. Die geleentheid gaan gevier word by wyse van 'n uitgebreide wintervakansiekonserttoer deur Kaapland, Oranje-Vrystaat en Transvaal.

In die koorbedrywighede in Matieland, veral ook wat die groot jaarlikse Sangfees betref, neem die Universiteitskoor 'n toonaangewende aandeel. Hierdie toegewyde en gekeurde groep sangers, onder leiding van begaafde mnr.

Philip McLachlan, lê hom meer en meer toe op gespesialiseerde werk en het in die jongste tyd landswye bekendheid verwerf nie slegs ten gevolge van die Sangfees, konserttoere, die radio en die lankspeelplaat, *Vrolike Volksliedjies* nie, maar veral na die besondere welslae wat die koor by die Uniefees behaal het saam met die S.A.U.K.-orkes onder leiding van Anton Hartman. Musiekkenners was eenparig in hul oordeel dat die uitvoering van *Die Dans van die Reën* en Beethoven se *Negende Simfonie* 'n prestasie van die eerste water was.

Op sy voorgenome toer sal die Universiteitskoor voor 'n verskeidenheid van gehore optree —plattelands en stedelik— en die dirigent en koorlede sien daarna uit om by sentra soos die Bloemfonteinse Stadsaal, die Wits-Gehoorsaal te Johannesburg en die Aula van die Universiteit van Pretoria op te tree.

Ten einde soveel oud-Maties as moontlik vóóraf die geleentheid te gee om hul as 't ware in hul stoele in te stel vir die besoek van die keur van die koorsang vanuit Matieland, laat ons hier die reisprogram volg:

De Doorns—29 Junie; Laingsburg—30 Junie; Beaufort-Wes—1 Julie; Graaff-Reinet—3 Julie; Somerset-Oos—4 Julie; Cradock—5 Julie; Queenstown—6 Julie; Aliwal-Noord—7 Julie; Bloemfontein—8 Julie; Welkom—10 Julie; Kroonstad—11 Julie; Sasolburg—12 Julie; Johannesburg—13 Julie; Germiston—14 Julie; Pretoria—15 Julie; Klerksdorp—16 Julie; Jan Kempdorp—17 Julie; Kimberley—18 Julie.

Die program vir hierdie toer bied vir elke smaak iets besonders. Daar is 'n verskeidenheid wat wissel tussen gewyde tot sekulêre wysies en tussen vrolike volkswysies van die Afrikaner, die Bantoe en die Kleurling.

Matieland wens die Universiteitskoor 'n hoogs geslaagde reis en oud-Maties en sangliefhebbers oral langs die roete ongemengde luistergenot toe!

Mnr. Philip McLachlan, dirigent van die Universiteitskoor, gee afsonderlike afrigting aan 'n groepie uit hierdie koor.

Prof. Craven in opgewekte geselskap met 'n groepie oud-Maties in Bloemfontein.

Oud-Matiebondtakke

Bloemfontein

VAN *mnr. P. H. Oosthuysen,* sekretaris van die Bloemfonteinse oud-Matiebondtak, het ons 'n gewaardeerde verslag oor die reuse-saamtrek van Vrystaatse oud-Maties op 12 November verlede jaar in Bloemfontein ontvang. Dit moes 'n aardige belewenis gewees het om die 382 pelgrims uit alle windstreke en van werkkringe in Transvaal, die Vrystaatse goudvelde en Kimberley op die Vrystaatse hoofstad te sien toesak.

Ds. J. S. Gericke, Vise-Kanselier van die Universiteit, en prof. Danie Craven het nie slegs die aanvanklike stramme gevoel verban nie, maar insiggewende mededelinge rakende die toekomstige ontwikkelinge van die Alma Mater gedoen. Oud-Maties is beïndruk deur die ambisieuse program en sal die uitvoering daarvan met trotse belangstelling volg.

Nadat die verteenwoordigers uit talle geslagte gewoon geraak het aan die „grys hare, die aansienlike aangewasse korporasies en die lastige plooie wat subtiel onder moderne grimering verberg was", is daar heerlik gesmul aan wat voorgesit is en daarmee was die „onthou jy nogs", die „waar is ou . . . deesdae?" en die „ek lees in die koerant dat Jan so-en-so net 'n danige grootkop is deesdae . . ." aan die orde van die aand.

Toe dit laat-aand begin word, het 'n skaar oud-Maties om die klavier saamgedrom en toe is daar lustig Matie-liedjies uitgejubbel. „Ja, dis lekker om 'n Matie te is" het 'n gryse omie liefderyk en heimweevol aan sy wederhelf (sélf 'n prag-eksemplaar uit vroeë dae se Harmonie) bely toe dit uiteindelik teen wil en dank huistoe-gaan-tyd geword het.

Die vergadering oud-Maties het besonder vereer gevoel met figure in hul geledere soos Hoofregter en mev. L. C. Steyn, prof. en mev. D. F. Malherbe, oom Tienie en tannie Van Schoor, dr. A. C. Hoffman, Direkteur van die Bloemfonteinse Nasionale Museum, en mnr. J. M. Rothman, Provinsiale Sekretaris van die O.V.S.

MALMESBURY

OP die aand van 30 November, aldus *mev. D. E. Moolman* (geb. Visser), sekretaresse, is in die hart van die Swartland 'n tak van die oud-Matiebond gestig. Die byeenkoms is deur 22 oud-Maties bygewoon. Spesiale vermelding verdien die teenwoordigheid van senator H. J. van Aarde (Victoria-Kollege, 1912-'13).

Mev. Moolman skrywe met waardering van

die insiggewende toesprake deur mnre. J. E. M. Verwey (Skakelbeampte) en H. G. van Niekerk (Senior Lektor, Departement Sielkunde) oor oogmerke met die Eeufeesfondsinsameling en die Buro vir Studentevoorligting onderskeidelik.

Die Bestuur van die gestigte oud-Matiebondtak is soos volg saamgestel:

Voorsitter: Dr. J. C. J. van Vuuren.

Ondervoorsitter: Ds. B. W. Visser.

Sekr.-penningmeester: Mev. D. E. Moolman.

Bykomende lede: Mev. A. Louw en mnr. C. Neethling.

(Ons dank aan mev. Moolman vir die volledige naamlys van oud-Maties wat die stigtingsvergadering bygewoon het.—Red.)

Oudtshoorn

DIE vertrekkende sekretaris van die oud-Matiebondtak op Oudtshoorn, *mnr. A. A. J. van Niekerk,* deel mee dat die donkerblou baadjie, wat aldaar in 'n winkelvenster vertoon is, feitlik skoonskip gemaak is.

Port Elizabeth

HIERDIE oud-Matiebondtak sou op 3 Maart sy jaarvergadering hou, volgens 'n mededeling van *mnr. D. J. Visser,* die sekretaris.

Potchefstroom

OP 22 Oktober verlede jaar het meer as 120 opgewekte oud-Maties uit Wes-Transvaal en Noord-Vrystaat 'n genoeglike dinee in die Potchefstroomse „Tollies" bygewoon, deel *mnr. Peet van der Walt,* wakker sekretaris van daardie Tak, mee.

Mnr. Danie Heese van Parys het die heildronk op die Alma Mater ingestel terwyl mnr. Ben Havemann van Viljoenskroon 'n treffergeleentheidstoespraak gelewer het, waarin hy, onder meer, die taak van blanke leierskap in Afrika helder omlyn en sterk beklemtoon het. Mnr. C. Gertenbach, bygestaan deur die veteraan—oud-Matie-pianis uit 1917 se dae, mnr. Jurgen Smith, het die sang gelei. Mnr. J. H. Preller het die bedankingswoord gedoen.

Die bestuur van 1960 is vir 'n verdere skof herkies: Prof. H. L. Swanepoel (Voorsitter), mnr. Peet van der Walt (Sekretaris) en die volgende persone as bykomende lede: mej. A. Snyman en mnre. A. J. P. Burger, J. Brewis, J. H. Preller en B. D. Lombard.

Pretoria

MNR. A. J. Esterhuyse, sekretaris van die Pretoria-tak, skrywe dat daar ywerig georganiseer word vir die ontvangs van die Stellenbosse Universiteitskoor. Op 11 Februarie het 230 oud-Maties 'n vleisbraai en vrugtefees bygewoon. Die gees wat daar vaardig was, was nog veel aangenamer en meer spontaan as dié by vorige funksies, aldus die sekretaris. Ook die ongeduld met die baadjie se nie-verskyning neem merkbaar toe en sommige brom hard-op. (*Matieland* is hom bewus van al die probleme in verband met die saak maar sal nietemin die betrokke instansies aanpraat.—Red.).

Sasolburg

MATIELAND het langs 'n omweg verneem dat 'n tak van die oud-Matiebond teen die einde van Februarie op Sasolburg gestig sou word. Intussen beywer 'n groep oud-Maties aldaar hul naarstiglik om die besoek van mnr. Philip McLachlan se Universiteitskoor 'n besondere geleentheid te maak.

By die saamtrek in Bloemfontein: Hoofregter C. L. Steyn (links) in gesprek met ds. J. S. Gericke.



Van Heinde en Verre

Mnr. P. M. Nienaber (B.A., LL.B. 1954), is met ingang 1 Januarie aangestel as hoogleraar in die Regte aan die Universiteit van Suid-Afrika.

Dr. P. A. J. Ryke (B.Sc. 1945, M.Sc. 1948, D.Sc. 1952), senior lektor in Dierkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., word met ingang 1961 Direkteur van die Instituut vir Dierkundige Navorsing van genoemde Universiteit.

Dr. J. A. van Eeden (B.Sc. 1940, M.Sc. 1942, D.Sc. 1950), senior lektor in Dierkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., is met ingang 1961 aangestel as professor in Dierkunde aan genoemde Universiteit.

Mnr. G. J. Smit, Adjunk-S.G.O. van Kaapland, het met die gradedagplegtigheid op 9 Desember 1960 die doktorsgraad in die Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf.

Mnr. Theo Pauw (M.A. 1940, M.Ed. 1942), voorheen Hoof van die Hoërskool Hottentots-Holland, Somerset-Wes, het sy pligte aanvaar as Hoof van die Skool vir Blindes op Worcester.

Mnr. J. J. Joubert (M.Sc. 1950, M.Ed. 1953), tot onlangs onderwyser aan die Hoërskool Martin Oosthuizen, Kakamas, is tans verbonde aan die Tegnologiese Instituut te Sasolburg.

Die volgende oud-Maties is aangestel op die personeel van die Universiteitskollege vir Indiërs in Durban:

Dr. C. R. Kotzé (D.Phil. 1958), voorheen Hoof van die Inligtingsburo van die Universiteit van Stellenbosch, as hoogleraar in Geskiedenis; *dr. L. R. Heiberg* (M.A. 1950, D.Litt. 1957), lektor aan die Universiteit van Kaapstad, as hoogleraar in Afrikaans-Nederlands en *dr. J. F. O'Grady* (M.A. 1925, Ph.D), as senior lektor in Latyn.

Mnr. J. H. Coetzee (B.A. 1943), Organiseerder van Opvoeding vir Volwassenes in Transvaal, sal aan die hoof staan van die reëlings in verband met die Republikeinse Fees in 1962.

Mnr. W. J. Pienaar (B.Sc., B.Ing. 1958), het 'n betrekking as assistent-stadsingenieur op Sasolburg aanvaar.

Mnr. D. Vermaak (M.Sc. 1952, M.Ed. 1956), van die Hoërskool op De Aar, is met ingang 1 Januarie 1961 aangestel as Hoof van die Hoërskool op Sutherland.

Mnr. S. F. du Toit (B.Sc. 1922) het verlede jaar afgetree as hoof van die Hoërskool op Theunissen, O.V.S. en het hom met sy gesin op Robertson, Kaap, gevestig.

Mnr. P. F. M. Greyvenstein (B.A. 1941), is tans as onderhoof verbonde aan die Hoërskool Evelyn Baring in Swaziland.

Dr. J. J. de Jager (M.A. 1935), dosent in Afrikaans aan die Potchefstroomse Onderwyskollege, is aangestel as Vise-hoof van hierdie Kollege.

DRIE OUD-MATIES IN DIE BRES VIR SUID-AFRIKA VOOR WÊRELDHOF.

Drie oud-Maties, almal vooraanstaande regsgeleerdes, is deur die Unie-regering aangewys om, bygestaan deur adv. G. van R. Muller van Kaapstad, Suid-Afrika in die Wêreldhof in Den Haag te verdedig teen die aanklag van Ethiopië en Liberië met betrekking tot die internasionale posisie van Suidwes.

Hierdie geleerde here is: *Adv. D. P. de Villiers Q.C. (B.A., LL.B. 1942)* van Kaapstad. *dr. J. P. ver Loren van Themaat (B.A., LL.B. 1935),* regsadviseur van die Departement van Buitelandse Sake, en *mnr. Ross McGregor (B.A., LL.B. 1938),* adjunk-staatsprokureur.

ONS ONTHOU HULLE

Wyle
mnr. Japie Krige.

Wyle
mnr. Theo Pienaar.

Matieland *betuig hiermee sy opregte meegevoel met die naasbestaandes van bogenoemde twee oud-Maties wat hul Alma Mater en geboorteland met soveel onderskeiding verteenwoordig het.*

J. D. (JAPIE) KRIGE

AL om die binneplaas van Wilgenhof word 'n man skouerhoog gedra en almal sing uit volle bors: „For he's a jolly good fellow". Wie was die kêrel wat toegesing word? Dit was Japie Krige, maar die rede vir die uitbundige vreugde was nie dat Stellenbosch weer 'n beker verower het nie of dat Japie weer 'n tipiese drie gedruk het nie, maar omdat hy gesak het en weer 'n jaar op Stellenbosch sou terug wees! Stel jou voor dat soiets vandag moet gebeur. Wyle Syd Harvey het hierdie gebeure baie smaaklik en dikwels vertel. Tog weerspieël dit die agting en die waardering wat Stellenbosch in daardie jare en deur al die jare daarna vir hierdie legendariese figuur in ons voetbalwêreld gehad het. As speler was hy weergaloos en as mens stil en bedagsaam—trouens sy stille geaardheid het nooit verklik wat hy op 'n voetbalveld kon doen nie. Daar het hy gestalte aangeneem en het hy in elke situasie en feitlik elke keer as hy die bal gekry het die onverwagte gedoen. Hy was 'n genie bokant genieë, 'n ster wat sal skyn solank rugby in Suid-Afrika gespeel word. Geen wonder nie dat Oubaas Mark trane in sy oë gekry het as hy van sy „witkoppie" gepraat het nie, want vir hom was daar nooit 'n beter speler en sou daar nooit 'n beter speler wees as Jacob Daniel Krige nie — die seun wat op 13-jarige leeftyd vir Caledon se eerstespan gespeel het; die seun wat in sy eerste jaar vir Stellenbosch en in sy tweede jaar vir die Westelike Provinsie gespeel het; die man wat vir Suid-Afrika in 1903 en 1906 gespeel het en gehelp het om Paul Roos se span sy roemryke naam te gee.

T. B. (THEO) PIENAAR

AAN die einde van verlede jaar is ook oorlede die beroemde Theo Pienaar wat rugby as speler, kaptein en administrateur op so 'n uitnemende wyse gedien het.

Theo Pienaar, die eerste kaptein om 'n Springbokspan na Australië en Nieu-Seeland te neem, die Suid-Afrikaanse keurder en bestuurder, en Theo Pienaar, die Matie, sal in ons geskiedenis en in ons gedagtes voortleef. Die leierskap wat hy op die gebied van voetbal as kaptein van Stellenbosch, Westelike Provinsie en Suid-Afrika openbaar het, was 'n versiering vir die rugby-sport en het hom in staat gestel om 'n bydrae te lewer wat vandag nog waarde het.

Stellenbosch betreur sy heengaan maar is dankbaar-trots vir alles wat hy verrig het vir Suid-Afrika en vir Stellenbosch.

D. H. Craven.

Briewebus

Buhriana

NA aanleiding van 'n brief van mnr. G. O. Neser in die vorige uitgawe van Matieland, *skrywe* mnr. D. J. Nolte *(B.Comm. 1925, M.Ed. 1941); van Stellenbosch soos volg:*

Die eerste insidentjie van Johan Buhr wat ek onthou is een waarin G. O. Neser self betrokke was. Dit was op 'n drukkend warme Donderdag, een van 1924 se Donderdae. Ons was besig om opgestel te word vir die portret van Dosente en Studente. Terwyl ons staan en wag vir die bevele deur 'n tregter, afkomstig van Meiring Naude en H. P. Dekker, het daar 'n opdrag gekom dat ons moes plek neem volgens akademiese jaargroepe. „Maar goed dat dit nie historiese jaargroepe was nie want dan sou sommige van ons 'n paar tree voor die groep beland het", was Neser se skalkse opmerking met 'n ogie na die kant van Johan Buhr.

Dit was met die besoek aan Matieland deur die Hertog van Windsor, toe nog Prins van Wallis. Ons het hom op die voetbalveld ingewag, hier reg onder die huidige Administrasiegebou en Carnegie-biblioteek. Hy is van die stasie af getrek in 'n landau deur 'n span Maties in wit broeke en kleurbaadjies. Jammer ek kan nie vir u die span se name gee nie. As Voorsitter van die Studenteraad was Johan natuurlik die reisgesél. Ek moet erken die Prins het baie meer verbouereerd voorgekom as Johan toe hulle hier voor my draai, uitklim en die tydelike verhogie bestyg en Johan hom na die gehoor wend met die woorde: „Your Highness, you will find that in this country all our great men have either been in prison or in hospital. Your Highness has not been here long enough to be in prison, but we understand that you have already been in hospital." Die spanning was daar nie meer nie en die Prins het ongedwonge geglimlag. Toe het hy aangevoer dat die Prins wel goed op pad was om 'n groot man te word. (Later is verneem dat die Prins in 'n polowedstryd van sy perd geval en in die hospitaal opgeneem moes word.)

Dit was my enigste botsing met Johan Buhr: Dit was op 'n Saterdagaand in die Universiteitsdebatsvereniging en dit was Engels-aand. Ek onthou nie meer waaroor dit gegaan het nie, maar weet dat Johan die vorige sprekers op sy gebruiklike manier gestriem het en baie klein laat lyk het. Dit moet ook kort voor 'n toets gewees het want ek het daar gesit, vol geblok met Engelse Letterkunde. Gesteurd en huiwerig het ek op die been gekom en gesê dat die vorige spreker my aan Shelly se „Cloud" laat dink. Ek haal aan:

> „I wield the flail of the lashing hail
> And whiten the green plains under,
> Then again I dissolve it in rain
> And laugh as I pass in thunder."

Ter wille van die eerstejaartjies aanwesig wie se Engels nog nie toereikend mog wees nie, het ek dit vertaal:

> „Ek swaai my staf oor die dwarrelende kaf
> Vul die saal van bo tot onder
> Dan droom ek weer ek doen dit nog 'n keer
> En juig as die gehoor snork soos donder."

Ek was oortuig dat ek die beste owasie van die aand gekry het, maar dit het nog nie behoorlik weggesterf nie toe Johan weer op die been kom met die orde-voorstel dat daar gewoonlik 'n kritikus aangestel word as 'n resitasie gelewer word.

Eenmaal, in 1923, was ons op 'n staptoer deur die Koue Bokkeveld. Johan was ook in die geselskap. Al sy losgoed het hy in 'n suikersakkie gehou. Volgens homself het hy soggens gewag tot almal op en aangetrek is, dan staan hy op en trek alles aan wat daar mag rond lê of stop dit in sy suikersakkie, want dit volg tog logies dat dit dan syne moet wees.

Die volgende ontmoeting was op 'n snikhete Sondag daar op Hutchinson toe 'n klompie van ons Generaal Hertzog se segetogtrein na die noorde, op sy pad terug van die Rykskonferensie (1926 of 1927), staan en inwag het. Toe die trein inkom, sien ek Johan en vergeet die res. Ongelukkig was daar min geselskans want hy moes as verslaggewer hoor wat gesê word en ek moes hom voorsien van die name van die plaaslike voorbokke. Toe die berig in *Die Burger* kom, het ek dit gou opgesoek. Ek onthou nog dat hy gesê het van Hutchinson af De Aar toe was dit so warm dat die kraaie, wat nie die môre voor sonop doodgebrand het nie, die heeldag sit en gaap het.

My laaste aanraking met Johan Buhr was in 1928 toe die NUSAS-Parlement (net voor die Maties NUSAS gelos het) in Durban vergader het onder Speakerskap van wyle Speaker Joël Krige. Die Maties was baie sterk verteenwoordig. Johan was ons eerste minister en van sy kabinetslede, sover ek onthou, was wyle Van Zyl Steyn en Abr. H. Jonker. (Terloops moes ons darem vir Durban ook onthaal op Matiepret. Só het ons dan een môre besluit om almal wat Matie is per riksja Parlement toe te ry. Ons het die stoet by die seekant van Smithstraat opgestel en toe in die straat geval. Die verkeersmense was so gaaf om alle verkeer tot stilstand te bring totdat ons verby was.)

Een dag het Johan die gramskap van die opposisie op sy hals gehaal. „Betogers" het hom gepak, in 'n stampkar gelaai en is Smithstraat af om hom aan die „Deadmanstree" te gaan ophang. (Dit is 'n boom wat voor die Poskantoor gestaan het en waaraan begrafniskennisgewings gereeld opgespyker is.) Daar het Johan sy laaste woordjie gekry. Op roerende wyse het hy afskeid geneem van sy vyande daar hy absoluut seker was dat hy nie een van hulle ooit weer sou sien nie. Aangesien hy so 'n goeie lewe gelei het, was hy seker dat hy na die regte plek sou gaan en dit was twyfelagtig of hy sy teregstellers daar sou teëkom!

Die „Matieland"-Fonds

TOT op 21 Oktober 1960 het ons lesers R2,397.56 tot die Fonds bygedra. Sedertdien is van die volgende persone bydraes ontvang, wat ons hiermee met dank en waardering erken:

	R
Totaal (tot 21 Oktober 1960)	2,397.56
Naam en Adres	*Bedrag* R
Badenhorst, Mnr. F. H., Hoërskool Vaalharts, Jan Kempdorp	1.00
Barnard, Mnr. en Mev. F. J. W., Posbus 12, Springs	4.00
Berends, Mnr. J. J., Rowanstraat 25, Stellenbosch	2.00
Bosman, Mnr. F. H., p/a Bantoe-Beleggingskorporasie Bpk. Posbus 213, Pretoria	2.15
Brecher, Mnr. I., Posbus 171, Pongola	2.00
Brümmer, Mej. F. J., Zastronstraat 103, Bloemfontein	1.10
Burger, Mnr. E., Hoërskool Vaalharts, Jan Kempdorp	1.00
Conradie, Mnr. D. J. J., Herbert Bakerstraat 48, Groenkloof, Pretoria	4.25
Davel, Mev. M., Posbus 34, Molepolole, B.P.	1.00
De Bruyn, Dr. J. A., Departement Plantkunde, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch	2.05
De Jager, Dr. J. J., Onderwyskollege, Potchefstroom	4.00
De Kock, Mnr. J. A., p/a Vlootposkantoor, S.A.U. Skeepswerf, Simonstad	4.00
De Kock, Mnr. T. J., Woonstel 205, Gezinagebou, Voortrekkerweg, Pretoria	4.00
De Smidt, Mnr. C. M., Posbus 2636, Johannesburg	4.00
De Villiers, Mnr. P. J., Posbus 106, Springbok	1.05
De Wet, Prof. A. F., Verreweide 6, Stellenbosch	2.00
De Wit, Mnr. en Mev. J., Posbus 892, Pretoria	4.20
Du Bois, Mej. E. E., Williamsstraat 1, Parow	6.00
Du Toit, Mnr. S. F., Polackstraat 17, Robertson	2.15
Fouché, Mnr. P. H., Pk. Tshakhuma, Oor Louis Trichardt	1.00
Furter, Mnr. J. v. R., Louw Wepenerstraat 10, Bloemfontein	4.00
Gauché, Mej. S., Kerkstraat 145, Vryheid, Natal	2.00
Goosen, Mnr. A. E., Hoërskool Vaalharts, Jan Kempdorp	1.00
Gous, Mev. A. M., Posbus 246, Usakos	2.00
Gous, Mnr. A. S. F., Posbus 9955, Johannesburg	2.00
Greyvenstein, Mnr. P. F. M., Posbus 12, Goedgegun, Swaziland	2.10
Hanekom, Mev. S. J., „Ouplaas", Posbus 81, Worcester	2.00
Hoffman, Mej. A. M., Charlottenburg, Zastron	1.00
Honiball, Mnr. G. T., Posbus 59, Windhoek, S.W.A.	4.00
Hugo, Ds. C. J., Posbus 112, Calvinia	2.05
Joubert, Mnr. G. M., Hoër Tegniese Skool, Wolmaransstad	2.00
Kotze, Mnr. J. C., Hoërskool Vaalharts, Jan Kempdorp	1.00
Kriel, Ds. J. A., Posbus 9, Hexrivier	4.00
Le Roux, Mnr. M. S., W.P.V.N.S., Stellenbosch	2.00
Lombard, Ds. en Mev. H. A., Posbus 128, Upington	10.00

Naam en Adres	*Bedrag*
Lombard, Dr. S. H., Landboufakulteit, Uniteit van Pretoria, Pretoria	2.00
Loubser, Mnr. J. J., Posbus 99. Cleveland	2.00
Marais, Ds. G. I., Die Pastorie, Pk. Plooysburg, Oor Kimberley	2.00
Markotter, Mnr. J. C., Walkerstraat 219. Sunnyside, Pretoria	2.10
Mostert, Mnr. J. A., Hoër Landbouskool Vaalharts, Jan Kempdorp	1.00
Naudé, Dr. W. C., Suid-Afrikaanse Ambassade, Washington, D.C.	3.00
Olivier, Mnr. O. J., W.P.V.N.S., Stellenbosch	2.00
Pauw, Mnr. J. R., Huis v/d Berg, Caledon	3.00
Pienaar, Mnr. W. J., Posbus 60, Sasolburg	2.00
Potgieter, Mnr. J. H., Rietvlei, Pk. Sandhoek, Humansdorp	2.00
Rauch, Mnr. J. F., Hoërskool Vaalharts, Jan Kempdorp	1.00
Raubenheimer, Mnr. H. C., Mackenziestraat 131, Brooklyn, Pretoria	2.10
Relihan, Mnr. L. T., Posbus 418, Walvisbaai	6.00
Retief, Mnr. H., Posbus 23, Thomson's Falls, Kenya	2.10
Roos, Dr. en Mev. J. S., p/a Philadelphia-Sendinghospitaal, Pk. Dennilton, Tvl.	2.15
Rossouw, Dr. G. J., Posbus 55, Goree, Robertson	4.00
Schumann, Dr. C. G. W., Rowanstraat 5, Stellenbosch	5.00
Seeger, Mnr. K. G., p/a Dept. van Waterwese, P/s Ausspannplatz, Windhoek	2.00
Slabbert, Mnr. Z. J. de B., Posbus 19, Jansenville	2.00
Smit, Mnr. C. A., Hoërskool, Postmasburg	1.00
Smit, Mev. J. E., Reitzstraat 8, Somerset-Wes	2.00
Smit, Ds. J. P. J., Tweedelaan 13, Peacehaven, Vereeniging	2.05
Snyman, Mev. H. G., Posbus 42, Potgietersrus	4.25
Snyman, Mnr. P. C. T., p/a Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris, Canberra, Australië	2.15
Strydom, Mnr. J. H., Departement van Lande, Jan Kempdorp	1.00
Terblanche, Mnr. S. J., Posbus 7, Worcester	2.10
Theron, Prof. C. J., Die Laan 10, Stellenbosch	6.00
Theron, Mnr. J. A., Posbus 29, Hennenman	2.10
Theron, Mnr. T. P., Dept. van Waterwese W.T.S., Posbus 1334, Pretoria	2.00
Truter, Mnr. F. C., Hoërskool, Bonnievale	2.00
Van der Merwe, Mnr. C. P., Die Opleidingskollege, Wellington	2.00
Van der Westhuizen, Mnr. A. W., Hoër Landbouskool Vaalharts, Jan Kempdorp	1.00
Van der Westhuizen, Mnr. W. J. M., Hoër Landbouskool Vaalharts, Jan Kempdorp	1.00
Van Rensburg, Mnr. B. P. J., Leoben, Somersetstraat, Worcester	2.00
Van Rensburg, Mnr. J., Posbus 104, Bethlehem	2.10
Van Zyl, Mej. R., Grabstein, Koës, S.W.A.	2.00
Vermeulen, Dr. D. C., Posbus 339, Uitenhage	4.20
Versluis, Mev. A. D. M., Kerkstraat, Barkly-Wes	6.30
Vorster, Mnr. B. J., Adjunk-Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Uniegebou, Pretoria	4.20
Wagenaar, Mnr. P. A., Posbus 34, Jamestown	5.00
Wolfaard, Mej. S. M., Karl Bremer-Hospitaal, Bellville	2.10
Windhoek—Onbekende donateur	2.10
Totaal (tot 28 Februarie 1961)	R2,599.76

L.W.: Alle tjeks en posorders moet asseblief aan die „Matieland"-fonds betaalbaar gemaak word.

Staal VIR VOORUITGANG!



Staal is die slagaar van vooruitgang in elke nywerheidsland. In Suid-Afrika word meer as driekwart van alle staalbenodigdhede geproduseer deur die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk, algemeen bekend as YSKOR.

Grootskaalse uitbreidings wat tans by YSKOR se reuse-werke in Pretoria en op Vanderbijlpark aan die gang is, sal die Korporasie se totale produksievermoë weldra verhoog tot 2,350,000 gietblokton staal per jaar. 'n Nuwe uitbreidingsprogram wat oor twaalf jaar sal strek en tussen R540 miljoen en R560 miljoen sal kos, is reeds aangekondig.

Groter staalproduksie beteken meer werk en meer arbeidskragte. YSKOR het die dienste nodig van chemiese, elektrotegniese, metallurgiese, mynboukundige en werktuigkundige ingenieurs, terwyl gegradueerdes in handel, lettere en wetenskappe in die onderneming se administratiewe en navorsingsdepartemente geplaas kan word.

Werknemers geniet die voordele van 'n pensioenskema, mediese bystand, 'n vakansiebonus, 'n huiseienaarskema, 'n groeplewensversekeringskema, ontspannings- en ander welsynfasiliteite. Verdere studie word aangemoedig deur die verskaffing van omvattende onderwysgeriewe.

Oorweeg u 'n loopbaan in die staalbedryf? Skryf dan om nadere besonderhede aan die Bestuurder, Departement Personeel.

SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK

POSBUS 450 **PRETORIA**



Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hulle strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN sigarette. 'n Volmaakte pakkie sigarette is die saamgestelde resultaat van talle klein verbeterings. In Rembrandt VAN RIJN is hierdie doel verwesenlik.

Dit is gemaak vir diegene wat liewer rook vir genot as bloot uit gewoonte... en vir wie prys sekondêr is. As u 'n kieskeurige roker is, weet ons dat u meer genot uit VAN RIJN sal kry Koop gerus nog vandag 'n pakkie VAN RIJN. Die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk . . . en die beste.

Rembrandt

VAN RIJN

FILTER DE LUXE

DIE WÊRELD SE EERSTE LANG SIGARET MET FILTERMONDSTUK

VRFA — 51 Q

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier